

# Die effektiwiteit van belasting amnestieprogramme in Suid-Afrika

L.L. Basson

13038745

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad  
*Magister Commercii SA & Internasionale Belasting* aan die  
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. K. Coetzee

November 2010

## **Inhoudsopgawe:**

## **Bladsye:**

### **1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING**

<b>1.1. Agtergrond tot die studie</b>	<b>4</b>
<b>1.2. Literatuuroorsig oor die onderwerp</b>	<b>5</b>
<b>1.3. Motivering van die onderwerp se relevansie</b>	<b>9</b>
<b>1.4. Probleemstelling</b>	<b>10</b>
<b>1.5. Doelwitte</b>	<b>11</b>
<b>1.6. Navorsingsmetode wat gebruik word</b>	<b>11</b>
<b>1.7. Hoofstukindeling</b>	<b>12</b>
<b>1.8. Opsomming</b>	<b>13</b>

### **2. AMNESTIEPROGRAMME REEDS IN SUID-AFRIKA GEÏMPLEMENTEER**

<b>2.1 Inleiding</b>	<b>14</b>
<b>2.2 Wet op Belastingamnestie no. 19 van 1995</b>	<b>15</b>
<i>2.2.1 Inleiding</i>	<i>15</i>
<i>2.2.2 Uiteensetting van die amnestieprogram</i>	<i>15</i>
<i>2.2.3 Resultate van die amnestie</i>	<i>17</i>
<b>2.3 Wet op Deviesebeheeramnestie no. 12 van 2003</b>	<b>17</b>
<i>2.3.1 Inleiding</i>	<i>17</i>
<i>2.3.2 Uiteensetting van die amnestieprogram</i>	<i>19</i>
<i>2.3.3 Resultate van die amnestie</i>	<i>22</i>
<b>2.4 Kleinbesigheidsbelastingamnestie no. 10 van 2006</b>	<b>23</b>
<i>2.4.1 Inleiding</i>	<i>23</i>

2.4.2	<i>Uiteensetting van die amnestieprogram</i>	24
2.4.3	<i>Resultate van die amnestie</i>	28
<b>2.5</b>	<b>Opsomming van die amnesties</b>	<b>29</b>
<b>2.6</b>	<b>Gevolgtrekking</b>	<b>31</b>
<b>3.</b>	<b>OORSIG VAN ANDER LANDE SE AMNESTIEPROGRAMME</b>	
<b>3.1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>34</b>
<b>3.2</b>	<b>Ierland</b>	<b>35</b>
3.2.1	<i>Inleiding</i>	35
3.2.2	<i>Amnestieprogramme in Ierland</i>	35
3.2.3	<i>Gevolgtrekking</i>	39
<b>3.3</b>	<b>Kanada</b>	<b>40</b>
3.3.1	<i>Inleiding</i>	40
3.3.2	<i>Bespreking van Kanada se amnestieprogram</i>	41
3.3.3	<i>Resultate van die program</i>	42
3.3.4	<i>Gevolgtrekking</i>	43
<b>3.4</b>	<b>Die Verenigde Koninkryk</b>	<b>44</b>
3.4.1	<i>Bespreking van die amnestieprogramme</i>	44
3.4.2	<i>Gevolgtrekking</i>	45
<b>3.5</b>	<b>Australië</b>	<b>43</b>
3.5.1	<i>Bespreking van die amnestieprogramme</i>	46
3.5.2	<i>Gevolgtrekking</i>	46
<b>3.6</b>	<b>Opsomming van die lande se amnestieprogramme</b>	<b>47</b>

3.7	<b>Gevolgtrekking</b>	49
<b>4. REGVERDIGHEID VAN DIE BELASTINGAMNESTIEPROGRAMME</b>		
4.1.	<b>Inleiding</b>	51
4.2.	<b>Bespreking van regverdigheid</b>	51
4.3.	<b>Ten gunste van belastingamnestieprogramme</b>	54
4.4.	<b>Teen belastingamnestieprogramme</b>	55
4.5.	<b>Redes waarom die Nasionale Tesourie gebruik maak van belastingamnestieprogramme</b>	58
4.6.	<b>Gevolgtrekking</b>	59
<b>5. DIE ONTLEDING VAN DIE VRYWILLIGE BLOOTLEGGINGSPROGRAM</b>		
5.1	<b>Inleiding</b>	61
5.2	<b>Inhoud van die Vrywillige Blootleggingsprogram</b>	61
5.2.1	<i>Persone wat kwalifiseer</i>	61
5.2.2	<i>Doel met die Vrywillige Blootleggingsprogram</i>	63
5.2.3	<i>Voordele verbonde aan die Vrywillige Blootleggingsprogram</i>	63
5.2.4	<i>Vereistes vir 'n geldige Vrywillige Blootleggingsprogram aansoek</i>	64
5.2.5	<i>Valutabeheer</i>	64
5.3	<b>Voordele en nadele verbonde aangaande die Vrywillige Blootleggingsprogram</b>	65
5.3.1	<i>Voordele</i>	65
5.3.2	<i>Nadele</i>	66

<b>5.4 Bespreking van die Vrywillige Blootleggingsprogram</b>	<b>67</b>
<b>5.5 Gevolgtrekking</b>	<b>68</b>
<b>6. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING</b>	
<b>6.1 Inleiding</b>	<b>70</b>
<b>6.2 Amnestieprogramme wat reeds in Suid-Afrika geïmplementeer is</b>	<b>70</b>
<i>6.2.1 Wet op Belastingamnestie no. 19 van 1995</i>	<i>70</i>
<i>6.2.2 Wet op Deviesebeheeramnestie no. 12 van 2003</i>	<i>71</i>
<i>6.2.3 Kleinbesigheidsbelastingamnestie no. 10 van 2006</i>	<i>71</i>
<i>6.2.4 Opsomming</i>	<i>72</i>
<b>6.3 Amnestieprogramme wat in ander lande geïmplementeer is</b>	<b>72</b>
<i>6.3.1 Ierland</i>	<i>73</i>
<i>6.3.2 Kanada</i>	<i>74</i>
<i>6.3.3 Opsomming</i>	<i>74</i>
<b>6.4 Gevolgtrekking</b>	<b>75</b>
<b>7. BIBLIOGRAFIE</b>	<b>78</b>

## **Lys van Tabelle**

<b>Tabel 1. Aantal geregistreerde belastingpligtiges vir die 2005-2008 belastingjare</b>	<b>10</b>
<b>Tabel 2. Die tariewe van die amnestie</b>	<b>27</b>
<b>Tabel 3. Artikel 12E van die Inkomstebelastingwet no. 58 van 1962</b>	<b>27</b>
<b>Tabel 4. Bedrae ontvang deur SAID vir Kleinbesigheidsamnestie no 10 van 2006</b>	<b>28</b>
<b>Tabel 5. Opsomming aangaande die vorige drie belastingamnestieprogramme</b>	<b>30</b>
<b>Tabel 6. Die groei van die Vrywillige Blootleggingsprogram</b>	<b>42</b>
<b>Tabel 7. Opsomming van buitelandse amnestieprogramme</b>	<b>47</b>
<b>Tabel 8. Die verskillende argumente vir en teen belastingamnestie</b>	<b>53</b>
<b>Tabel 9. Geregistreerde belastingpligtiges</b>	<b>55</b>
<b>Tabel 10. Maksimale belastingkoerse vir individue en maatskappye</b>	<b>56</b>

## **SLEUTELTERME**

1. Amnestie
2. Individue
3. Belasting
4. Kleinbesigheidsbelastingamnestie
5. DevieseBeheer Amnestie
6. Begroting 2010
7. Vrywillige Blootleggingsprogram
8. Amnestie Eenheid
9. Effektiwiteit
10. Regverdigheid
11. Sukses van die amnestie
12. Belastingpligtiges

## **KEY WORDS**

1. Amnesty
2. Individual
3. Tax
4. Small Business Tax Amnesty
5. Exchange Control Amnesty
6. Budget 2010
7. Voluntary Disclosure Programme
8. Amnesty Unit
9. Effectiveness
10. Fairness
11. Success of the amnesty
12. Taxpayers



## Opsomming

### Die effektiwiteit van belastingamnestieprogramme in Suid-Afrika

Suid-Afrika het tot op datum reeds drie belastingamnestieprogramme aangebied, naamlik: kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006, die Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003 en die Wet op Belastingamnestie 19 van 1995. In die 2010 begroting het die Minister van Finansies, Mnr. Pravin Gordan, aangekondig dat daar weer 'n geleentheid sal wees vir belastingpligtiges om hulle belastingsake in orde te kry deur gebruik te maak van die Vrywillige Blootleggingsprogram.

Die hoofdoelwit van die studie is om te bepaal of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees of nie. Die navorsingsmetode wat gebruik is om die doelwit te bereik, was 'n gevorderde literatuurstudie.

Die sekondêre doelwitte was soos volg:

- om deeglike kennis in te win aangaande die vorige drie amnestieprogramme wat reeds in Suid-Afrika aangewend is. Deur die inkomste sowel as die aansoeke wat ontvang is deur die aanwending van die vorige amnestieprogramme te gebruik as maatstaf, kan daar 'n afleiding gemaak word oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram.
- om deeglike kennis in te win aangaande ander lande se amnestieprogramme, onder meer: Australië, Ierland, Kanada sowel as Die Verenigde Koninkryk. Die programme is as maatstaf gebruik. Ervarings, sowel as suksesse wat behaal en ervaar is, is gebruik om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram; en
- om te bepaal of die Vrywillige Blootleggingsprogram regverdig is.

Die studie het getoon dat die Vrywillige Blootleggingsprogram oneffektief sal wees en dat dit 'n negatiewe impak op die belastingnakoming van belastingpligtiges het. 'n Aanbeveling uit die studie is dat die regering die vertroue van belastingpligtiges moet win, waarna die

belastingnakoming outomaties sal verbeter. Die studie het getoon dat belasting-amnestieprogramme nie as meganisme gebruik moet word om belastingnakoming te verhoog nie. 'n Saak wat latere ondersoek vereis is die impak wat die Vrywillige Blootleggingsprogram op die langtermyn sal hê op belastingnakoming in Suid-Afrika.

## Summary

### **The effectiveness of tax amnesty programs in South Africa**

South Africa has already implemented three tax-amnesty programmes: the Second Small Business Tax Amnesty 10 of 2006, the Exchange Control Amnesty Act 12 of 2003 and the Tax Amnesty Act 19 of 1995. In the 2010 budget announcement the Minister of Finance, Mr. Pravin Gordan, announced that there will be another chance for taxpayers to get their tax affairs in order with the Voluntary Disclosure Programme. The main goal of this study is to determine whether the Voluntary Disclosure Programme will prove to be effective or not. The research method utilised is based on an advanced literature study.

The secondary goals are as follows:

- to obtain a thorough knowledge regarding the three previous tax-amnesties that was implemented in South Africa. A prediction as to the success of the Voluntary Disclosure Programme can be made when using the total number of applications received and the amount of revenue that was received by the previous amnesties, as a measure of success;
- to obtain a thorough knowledge of other countries' amnesty-programs, including the following: Australia, Ireland, Canada and the United Kingdom. Their experience and successes regarding their amnesty-programs will be used to predict the success of the Voluntary Disclosure Programme; an
- to determine whether the Voluntary Disclosure Programme can be declared as fair.

This study indicated that the Voluntary Disclosure Programme may not be effective and that it may have a negative impact on the tax compliance of taxpayers. A recommendation from this study is that the government should win the trust of taxpayers, which will lead to an automatic improvement in tax compliance. This study indicated that the tax amnesty programs should not be used as a mechanism to enhance tax compliance. An issue that needs further exploration is the impact that the Voluntary Disclosure Programme will have in the long-term on tax compliance in South Africa.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1. Agtergrond tot die studie

Die Minister van Finansies het aangekondig dat daar in November 2010 'n geleentheid sal wees vir belastingamnestie deur middel van die Vrywillige Blootleggingsprogram.

Die aankondiging is gemaak in die 2010-begroting wat voorgelê is aan die Parlement. Hierdie amnestie skenk aan belastingpligtiges wat tans nie hulle belastingverpligtinge nagekom het of betaal het nie, die geleentheid om die kwessie reg te stel in 'n tydperk van 12 maande (Gordan, 2010:15).

Die Vrywillige Blootleggingsprogram bestaan uit twee gedeeltes. Die eerste gedeelte bied aan belastingpligtiges die geleentheid om hulle belastingsake in orde te kry. Die tweede gedeelte bied aan betalers die geleentheid om alle deviesebeheersake in orde te kry (SA, 2010b:i).

In die afgelope 10 jaar is daar menigte lande wat gebruik maak van belastingamnestieprogramme om belastingontduikers die geleentheid te bied om hulle belastingsake in orde te kry. Lande soos Amerika, Ierland, Duitsland, Portugal, Suid-Afrika ens. (OECD, 2010:31).

Hierdie Vrywillige Blootleggingsprogram is nie Suid-Afrika se eerste amnestie geleentheid nie. Suid-Afrika het reeds drie amnesties gehad, naamlik:

- Die Wet op Belastingamnestie van 1995 (19 van 1995);
- Die Wet op Deviesebeheeramnestie van 2003 (12 van 2003); en
- Kleinbesigheidsbelastingamnestie van 2006 (10 van 2006).

Die probleem wat ontstaan is dat daar reeds drie vorige amnestie geleenthede was, waarvan die laaste twee se tydgaping minder as 3 jaar was. Die aangeleentheid skep die risiko dat belastingontduikers nie van die amnestie gaan gebruik maak nie omrede hulle onder die indruk is dat daar weer so geleentheid sal wees.

Die Vrywillige Blootleggingsprogram kan die belastingnakoming bevoordeel of benadeel deurdat meer belastingontduikers in die belastingstelsel inkom en sodoende wettige belastingbetalers word. Die nadeel is egter dat getroue belastingpligtiges gaan poog om uit die belastingstelsel te kom. Die rede daarvoor is dat die beeld uitgestraal word dat belastingontduikers bevoordeel word, deurdat hulle van 'n amnestieprogram gebruik kan maak en sodoende enige rentes, boetes of vervolging vryspring. Die aangeleentheid kan dus 'n negatiewe impak op die belastingnakoming van Suid-Afrika tot gevolg hê.

Die probleemstelling sowel as die strategie wat gebruik gaan word om die probleem op te los word in die onderstaande gedeelte bespreek.

## **1.2. Literatuuroorsig van die onderwerp**

Die amnestieprogram bied weer 'n geleentheid aan belastingpligtiges om hul belasting sake in orde te kry. Die amnestieprogram is beskikbaar aan belastingpligtiges wat belasting verskuldig is aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID). Die SAID is tegemoetkomend teenoor belastingpligtiges wat gebruik maak van die amnestieprogram deur dat geen rente of boetes gehef sal word of moontlike vervolging plaasvind nie (SA, 2010:4).

Die vraag wat hieruit ontstaan is: was die vorige amnestieprogramme effektief gewees en sal die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief wees?

Die strategie wat geïmplementeer word om die vraag te antwoord is die volgende:

- deur na die sukses van vorige amnesties in Suid-Afrika te verwys sowel hoe die programme geformuleer was, en
  - Deur na vorige amnesties in Suid-Afrika te verwys kan daar bepaal word:
    - of belastingpligtiges van die programme gebruik gemaak het, en
    - wat die effek daarvan was.
- na ander lande se amnestieprogramme se sukses te verwys kan daar 'n afleiding gemaak word oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram.

Ander lande se amnestieprogramme moet ondersoek word omdat:

- ander lande se ervarings met amnestie vir Suid-Afrika 'n aanduiding kan wees van die moontlike resultate wat hul kan verwag; en
- daar kan bepaal word wat se tipe amnestieprogram die mees voordeligste is vir Suid-Afrika.

Nadat die strategie afgehandel is sal daar 'n mening uitgespreek kan word oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram sowel as die vorige amnestieprogramme.

Vorige Suid-Afrikaanse amnestieprogramme sluit in:

- Die Wet op Belastingamnestie 19 van 1995;
- Die Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003; en
- Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006.

Ander lande waarna verwys word, is:

- Australië,
- Ierland,
- Kanada en
- die Verenigde Koninkryk.

Die rede vir die keuse van hierdie spesifieke lande (Australië, Ierland, Kanada sowel as Die Verenigde Koninkryk) is dat Suid-Afrika sowel as die genoemde lande op selfaanslagbeginsels staat maak en daarby berus. Deur die lande (Australië, Ierland, Kanada sowel as Die Verenigde Koninkryk) as maatstaf te gebruik kan daar akkurate aannames gemaak word omdat die lande van dieselfde verantwoordingsstelsel gebruik maak as Suid-Afrika.

SAID se omskrywing vir selfaanslag is soos volg (SAID, 2009:5):

- “Self-assessment is a mechanism applied as part of a tax collection system.”
- “Under self-assessment, the taxpayer is required to report the basis of assessment (e.g. taxable income), to submit a calculation of the tax due and, usually, to simultaneously pay any outstanding tax as calculated.”
- “The role of SARS would then be to check that the taxpayer has correctly disclosed the income and has claimed no exemptions, deductions or allowances to which it is not entitled and otherwise, to ensure that the correct amount of tax is paid.”
- “It contrasts with the role of SARS in a system where it is responsible for establishing the tax due, normally by means of an assessment and demanding payment within a prescribed period.”

Selfaanslag kan as volg opgesom word: die wet plaas die verantwoordelikheid op die belastingpligtige om sy eie belastingopgawe in te vul en dan op daardie gegewe inligting belas te word (Eie vertaling).

Onderstaande inligting is 'n kort opsomming ten opsigte van die onderskeie wetslae wat met soortgelyke programme behaal is. Daar word egter meer in diepte nagevors in die skripsie rakende die onderskeie programme.

Ierland: Volgens woordvoerders van die Sentrale Bank van Ierland (Central Bank of Ireland) is daar groot sukses behaal met die amnestieprogram vir individue van 1988. Die owerheid het beoog om \$50 miljoen in te samel met die amnestie en hierdie beraming is oortref deurdat \$750 miljoen (£500 miljoen) ingesamel is (Uchitelle, 1989:50). Die amnestie sou die eerste en laaste van sy soort wees volgens die Ierse owerheid, maar weens die sukses van die 1988-amnestie het die owerheid besluit dat daar in 1993 weer 'n geleentheid geskep moet word vir belastingpligtiges om hul sake in orde te kry.

Australië: Volgens die Australiese Belasting Owerheid was daar in 2007 sukses behaal met die amnestie program, Vrywillige Blootleggingsprogram (Voluntary Disclosure Program).

Die amnestieprogram van 2007 het sowat

3 000 openbaarmakings tot gevolg gehad. (D'Ascenzo, 2009:1)

Die inkomste wat ingevorder is as gevolg van die implementering van die amnestieprogram was AUD306 miljoen en sowat AUD65 miljoen is ingevorder deur middel van uitgereikte boetes. Die sukses wat behaal is met die vorige amnestieprogram het aanleiding gegee tot die aankondiging van 'n addisionele amnestieprogram vir individue in 2010 (D'Ascenzo, 2009:1).

Die Verenigde Koninkryk: het in 2007 ongeveer £440 miljoen ingevorder met die amnestieprogram vir buitelandse valuta. Na die sukses wat behaal is met die Buitelandse Openbaarmakingsgeleentheid (Offshore Disclosure Facility) (2007) -program is daar 'n tweede amnestieprogram aangekondig, naamlik die Nuwe Openbaarmakingsgeleentheid (New Disclosure Opportunity) (2009) (KPMG, 2007:1).

Kanada: Volgens die Kanadese Inkomste Owerheid se statistieke was daar tot en met Mei 2010 se belastingjaar sowat 2 562 Kanadese wat gebruik gemaak het van die Vrywillige Blootleggingsprogram (Voluntary Disclosure Program). Daar is in dieselfde tydperk sowat \$600 miljoen in buitelandse inkomste geïnd deur die Kanadese Inkomste Owerheid (Brent, 2010:1).

Sedert die nuwe regering in Suid-Afrika aan bewind gekom het, is die volgende amnesties ingestel:

- in 1995 was daar 'n belastingamnestieprogram beskikbaar gestel om aan inwoners wat nog nie as belastingpligtiges geregistreer was nie, die geleentheid te bied om te registreer. Die rede vir hierdie amnestieprogram was om die aantal belastingpligtiges te vergroot, asook om die inkomste wat deur middel van invordering verkry word, te verhoog (Nyamongo & Schoeman, 2007:4);
- die Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003: Meer as 43 000 aansoeke is ontvang vanaf belastingpligtiges en 'n totaal van R65 biljoen se bates is geopenbaar aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) (Manuel, 2005:31);  
en



- kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006: SAID se teiken met dié amnestieprogram was 100 000 aansoeke. Die aansoeke wat werklik deur SAID ontvang is, het 'n totaal van 353 388 aansoeke beloop. Hiervan was 298 814 vir die amnestie en die balanserende syfer van 54 574 vir die kwytstelling van addisionele belasting, rente en boetes. Van die 353 388 was 24 174 aansoeke afkomstig van die taxi-industrie (SA, 2008b:42; Jones, 2007:1).

Deur na die amnesties van ander lande te verwys, asook die wat reeds in Suid-Afrika plaasgevind het, word 'n mening uitgespreek oor die effektiwiteit van die vorige amnestieprogramme sowel as die Vrywillige Blootleggingsprogram.

### **1.3. Motivering van die onderwerp se relevansie**

Daar is reeds drie verskillende wette in verband met amnesties in Suid-Afrika geïmplementeer, naamlik die Belastingamnestiewet, Kleinbesigheidsbelastingamnestie en die Wet op Deviesebeheeramnestie. Soos reeds vermeld in hoofstuk 1.2 is daar in die 2010 begroting nog 'n amnestieprogram aangekondig.

Daar is soveel inwoners in Suid-Afrika wat nog steeds nie belasting betaal nie, en die Vrywillige Blootleggingsprogram skep vir die inwoners 'n kans om na vore te tree om hul sake in orde te kry.

Volgens Croome is daar sowat 12.8 miljoen werkers in Suid-Afrika wat 'n inkomste verdien. Daar is egter van die werkers wat nie geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nie. Die geskatte inkomste wat vanaf die ongeregistreerde inwoners ingesamel kan word, is tussen R1 miljoen en R1,8 miljoen (Croome, 2007:22). Die syfers toon aan dat daar menigte inwoners is wat nie belasting betaal nie.

Die Vrywillige Blootleggingsprogram maak dit moontlik vir belastingontduikers om hulle belasting sake in orde te kry wat die uitwerking kan hê dat daar meer belastingpligtiges in die belastingstelsel is. Hoe meer belastingpligtiges in die belastingstelsel hoe meer inkomste word ontvang deur die SAID.

Wat word nou van die belastingpligtiges wat al jare lank belasting betaal, wat hul sake eerlik bedryf? Dit kan gesien word as onregverdig teenoor daardie inwoners dat daar nou

amnestie beskikbaar is. Dit kan selfs as onregverdig gesien word teenoor die belastingpligtiges wat alreeds vervolgt is weens oneerlikheid of belastingontduiking en wat boetes ontvang het sowel as die wat krimineel verhoor is. Alm, Beck en Mckee (1990:24) sowel as Uchitelle (1989:49), het hierdie punt uitgewys in hulle studie wat gehandel het oor belastingamnestie.

In hierdie studie word die regverdigheid van belastingamnestieprogramme sowel as die uitwerking wat amnestieprogramme op die belastingnakoming ondersoek. Om te bepaal of die belastingnakoming beïnvloed word indien daar 'n amnestie geloots word.

**Tabel 1. Aantal geregistreerde belastingpligtiges vir die 2005 - 2008 belastingjare**

(SAID, 2009a:14):

Belastingjaar	Geregistreerd	Persentasie groei in register
2005	4,476,261	8.8%
2006	4,764,105	6.4%
2007	5,204,805	9.3%
2008	5,540,646	6.5%

Bogenoemde tabel toon duidelik 'n afname in die groei van die aantal geregistreerde belastingpligtiges. Indien die amnestie effektief is kan daar 'n beduidende groei in die aantal belastingpligtiges wees. Die 2007 se groei is te danke aan die kleinbesigheidsbelasting amnestie, wat 'n moontlike indikasie is dat belastingamnestieprogramme belastingpligtiges in die belastingstelsel inbring.

**1.4. Probleemstelling**

Uit die agtergrond hierbo het die volgende probleemstelling ontstaan:

Gaan die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief wees?

## 1.5. Doelwitte

Om bogenoemde probleemstelling aan te spreek kan die volgende doelwitte omskryf word:

Die hoofdoelwit is om te bepaal of die belastingamnestie, naamlik die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief sal wees in Suid-Afrika.

Die sekondêre doelwitte van die studie is om:

- na vorige Suid-Afrikaanse amnestieprogramme te verwys om te bepaal:
  - hoe die programme geformuleer is en wat dit behels het;
  - hoe die planne geïmplementeer is; en
  - wat die sukses met die onderskeie programme was (Hoofstuk 2);
  
- na ander lande se amnestieprogramme te verwys om te verstaan:
  - hoe die programme geformuleer is en wat dit behels het;
  - hoe die planne geïmplementeer is; en
  - wat die sukses met die onderskeie programme was (Hoofstuk 3);
  
- te bepaal hoe regverdig die amnestieprogramme is (Hoofstuk 4);
- die Vrywillige Blootleggingsprogram te ontleed (Hoofstuk 5); en
- 'n opinie uit te spreek oor die uiteindelijke effektiwiteit van die nuutste program (Vrywillige Blootleggingsprogram) (Hoofstuk 6).

## 1.6. Navorsingsmetode wat gebruik word

Literatuurstudie: Die navorsingstuk sal die bestudering van literatuur behels.

Die bronne gaan uit die volgende bestaan:

- wetgewing;

- geakkrediteerde artikels;
- proefskrifte en verhandelings;
- koerantberigte;
- artikels op die internet.

Beperkings van die studie: Die omvang van hierdie skripsie is egter sodanig dat die Deviesebeheeramnestie van die Vrywillige Blootleggingsprogram nie direk aangepreek word nie.

## 1.7. Hoofstukindeling

- Hoofstuk 1: Inleiding en probleemstelling
- Hoofstuk 2: Amnestieprogramme reeds in Suid-Afrika geïmplementeer;
  - verduidelik hoe die vorige belastingamnestieprogramme geformuleer is; en
  - bepaal die sukses wat met die onderskeie programme behaal is deur na die aantal aansoeke sowel as die inkomste wat ontvang is deur SAID te verwys.
- Hoofstuk 3: Oorsig van ander lande se amnestieprogramme
  - hoe die amnestie programme geformuleer is in die verskillende lande (Australië, Ierland, Kanada en Die Verenigde Koninkryk); en
  - die sukses wat die lande met die programme behaal het, deur na die inkomste sowel as die aantal aansoeke te verwys wat deur die lande se belastingowerhede ontvang is.

- Hoofstuk 4: Regverdigheid van die Vrywillige Blootleggingsprogram
  - bepaal of die Vrywillige Blootleggingsprogram regverdig is vir getroue belastingpligtiges sowel as belastingpligtiges wat gebruik maak van die amnestieprogram; en
  - reedes waarom SAID die Vrywillige Blootleggingsprogram aangekondig het.
  
- Hoofstuk 5: Ontleding van die Vrywillige Blootleggingsprogram.
  - die bevindinge van hoofstuk twee en drie word in die hoofstuk gebruik om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram; en
  - uiteensetting van wat die Vrywillige Blootleggingsprogram behels.
  
- Hoofstuk 6: Samevatting en Gevolgtrekking

## 1.8. Opsomming

In die hoofstuk is die strategie geformuleer waarmee die probleemstelling opgelos gaan word, naamlik of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees, al dan nie. Die hoofstukke wat hierop volg implementeer hierdie strategie sodat daar 'n mening uitgespreek kan word oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram.

## HOOFSTUK 2

### AMNESTIEPROGRAMME REEDS IN SUID-AFRIKA GEÏMPLEMENTEER

#### 2.1 Inleiding

Die probleem wat aangespreek word deur die navorsingstuk is: Gaan die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief wees of nie? (hoofstuk 1.4) Die strategie vir die oplossing van die probleem is:

- om na die vorige resultate van amnestieprogramme in Suid-Afrika te verwys; en
- na ander lande se amnestieprogramme te kyk.

Hierdeur word daar 'n mening uitgespreek of die Vrywillige Blootleggingsprogram in Suid-Afrika effektief sal wees al dan nie. As die vorige amnestieprogramme effektief was kan daar afgelei word dat die tendens sal voortduur, wat dit moontlik sal maak om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram. Hierdie strategie is in hoofstuk 1.2 van hoofstuk een geformuleer en daar word gepoog om die probleemstellings daarmee op te los.

In hierdie hoofstuk gaan die eerste fase van die strategie geïmplementeer word deur na die vorige amnestieprogramme se resultate te verwys wat reeds in Suid-Afrika plaasgevind het. (hoofstuk 1.5)

Suid-Afrika het reeds drie amnestieprogramme gehad naamlik: Kleinbesigheidsbelasting-amnestie 10 van 2006, Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003 en die Wet op Belastingamnestie 19 van 1995.

In die ontleding van die vorige amnestieprogramme gaan daar na die volgende aangeleenthede verwys word:

- die aantal aansoeke wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ontvang is vanaf die amnesties;
- hoeveel inkomste is ingevorder deur middel van die amnesties; en

- wat die doelwitte van die amnesties was en of dit bereik is.

## **2.2 Wet op Belastingamnestie no. 19 van 1995**

### *2.2.1 Inleiding*

Vanaf die intrede van die nuwe regering in 1994 het Suid-Afrika veranderinge ondergaan op alle gebiede. Een van die gebiede was die Suid-Afrikaanse belastingstelsel. Die rede vir die amnestieprogram was om veranderinge te maak aan die belastingstelsel om dit meer aantreklik te maak vir buitelandse beleggers sowel as om ekonomiese groei en werkskepping te bevorder. 'n Addisionele doelwit met die amnestieprogram was om die regverdigheid van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel te bevorder (Brand, 2000:16).

In 1994 is die eerste tussentydse verslag deur die Katz Kommissie gepubliseer (Kolitz & Killian, 2004:9). In die verslag is daar 'n aanbeveling gemaak dat daar geleentheid moet wees vir belastingamnestie in Suid-Afrika. Die doel van die voorgestelde amnestie was om die belastingbasis sowel as die invordering van belasting te vergroot (Kolitz & Killian, 2004:9). In reaksie tot die Katz-Kommissie se voorstel het SAID in 1995 'n belastingamnestieprogram aangekondig. Die amnestieprogram se doelwitte het ooreengestem met die aanbevelings van die verslag, naamlik: om die belastingbasis van die belastingpligtiges sowel as die inkomste wat ontvang word te vergroot (Nyamongo & Schoeman, 2007:4).

### *2.2.2 Uiteensetting van die amnestieprogram*

- persone wat gekwalifiseer het vir die 1995-amnestie:
  - enige persoon wat op 26 April 1994 nie by die Kommissaris geregistreer was in verband met die volgende belastinge nie:
    - werknemersbelasting;

- normale belasting; en
  - belasting op toegevoegde waarde;
- enige persoon wat op 26 April 1994 geregistreer was, maar die Kommissaris kon nie bepaal waar die Suid-Afrikaanse inwoner te vinde was nie. Om die rede kon die Kommissaris nie die nodige aksies teen daardie inwoner instel om die verskuldigde belasting te verhaal nie (SA, 1995:3);
- die amnestieprogram het dit moontlik gemaak vir persone om na vore te tree om hulle belastingsake in orde te kry, sonder enige vervolging deur SAID. Die amnestie was beskikbaar vir alle belastingpligtiges, bv. maatskappye, trusts, individue, ens. (SA, 1995:3);
  - die verskillende tipes belasting wat deur die amnestie kwytgeskeld is, is die volgende: normale belasting, belasting op toegevoegde waarde, werknemersbelasting, sekondêre belasting op maatskappye, boedelbelasting, nie-inwonende aandeelhoudersbelasting, skenkingsbelasting en verkoopsbelasting (SA, 1995:3). Die Wet op Verkoopsbelasting 103 van 1978, geld steeds vir artikel 85(2) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde 89 van 1991, as deel van die belasting wat deur die amnestie vrygestel is. Die Wet op Verkoopsbelasting 103 van 1978 is egter herroep.

Die Wet op Belastingamnestie 19 van 1995 is so geformuleer dat enige inwoner van die geleentheid kon gebruik maak om in die belastingnet in te kom. Dit word weerspieël in die kwytskelding van die verskillende tipes belastings sowel as die persone wat vir die belastingamnestieprogram gekwalifiseer het. Die wyse waarop die Wet op Belastingamnestie geformuleer was het die belastingsisteen verbeter omdat dit amnestie inwoners die geleentheid gebied het om in die belastingnet in te kom.



### *2.2.3 Resultate van die amnestie*

SAID het 23 200 aansoeke ontvang tydens die amnestie periode (Kolitz & Killian, 2004:10). Wanneer die doelwitte van die amnestieprogram geëvalueer word, naamlik:

- die vergroting van die belastingbasis
- sowel as die inkomste wat ontvang is,

kan die amnestie as 'n sukses beskou word omdat daar 23 200 aansoeke ontvang was. Die Wet op belastingamnestie 19 van 1995 was die eerste algemene belastingamnestieprogram in Suid-Afrika. Algemene belastingamnestie behels dat enige inwoner van die geleentheid kon gebruik maak om in die belastingnet in te kom sonder enige rente, boetes of vervolging. Latere amnestieprogramme moet ook aan die beginsel voldoen anders gaan belastingpligtiges nie van die program gebruik maak nie. Dus die wyse waarop die amnestieprogram geformuleer is, het die beginsels en fundamente gelê vir toekomstige amnesties wat in Suid-Afrika gaan plaasvind.

## **2.3 Wet op Deviesebeheeramnestie no. 12 van 2003**

### *2.3.1 Inleiding*

Suid-Afrikaanse inwoners het al jare lank bates oorsê geneem wat in kontras was met die Wet op Deviesebeheerregulasie 9 van 1933 (SA, 2003a:5). Die volgende is 'n oortreding van die Wet op Deviesebeheer: geen banknote, goud, aandele, buitelandse geldeenhede of sekuriteite van die Republiek mag van die Republiek weggeneem of land uitgestuur word nie. Laasgenoemde kan slegs verskuif word met toestemming van die Tesourie (SA, 1961:4). Hierdie ongemagtigde verskuiwings het lank voor die 1980's plaasgevind en is deur middel van verskeie maniere gedoen. Die inkomste van die verskuifde bates is nie aan SAID geopenbaar nie en kon dus nie belas word nie (SA, 2003a:5).

Suid-Afrika moes hulle belastingbasis beskerm en het sodoende in 2001 na 'n brongebaseerde belastingstelsel verander. Suid-Afrika se deviesebeheermaatreëls is verskerp om, onder

andere, meer beskerming te bied aan die belastingbasis. Suid-Afrikaanse inwoners het in 2001 aanspreeklik geword vir belasting op hulle wêreldwye inkomste (SA, 2003a:5).

In 2001 is die Finansiële Intelligensiesentrum in Suid-Afrika gestig. Die wette, maatreëls en instellings wat geïmplementeer is, het dit meer ingewikkeld gemaak vir belastingpligtiges om bates wat in die buiteland gehou word, nie te openbaar aan SAID nie. Vanaf 1994 af is daar meer belastingooreenkomste met die buiteland gesluit, wat dit moontlik gemaak het vir SAID om meer afdwingbare regte te hê in verband met belasting wat aan Suid-Afrika oorbetalbaar moet word op buitelandse inkomste. (SA, 2003a:5).

Deur die maatreëls wat ingestel is, het dit net 'n kwessie van tyd geword voordat belastingpligtiges vasgetrek sou word vir belastingontduiking. SAID het in 2003 geleentheid gebied vir belastingpligtiges om hulle buitelandse bates te verklaar, deur middel van die Wet op Deviesebeheeramnestie, en sodoende hulle belastingsake in orde te kry sonder enige vervolging, rente of boetes (SA, 2003a:6).

Die doel met die Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003 was (SA, 2003:1):

- om Suid-Afrikaanse inwoners die geleentheid te bied om hulle onverklaarde buitelandse valuta sowel as hulle belastingsake in ooreenstemming met die voorskrifte te kry;
- die verskaffing van inligting rakende buitelandse bates aan die SAID en die Deviesebeheer Departement van die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- om die terugbring van buitelandse bates na Suid-Afrika te vergemaklik; en
- om invordering van inkomste in die toekoms te vergroot.

### 2.3.2 Uiteensetting van die amnestieprogram

Hier volg 'n uiteensetting van belangrike aangeleenthede wat die amnestieprogram behels het:

- die amnestie is deur 'n spesiale eenheid behartig, naamlik die Amnestie-eenheid (SA, 2003:24). Die eenheid is spesifiek net vir die amnestie gestig en sou ontbind sodra die amnestieproses tot 'n einde gekom het. Die Amnestie-eenheid was verantwoordelik vir die evaluasie van alle aansoeke waarna hulle die aansoeke goedgekeur of afgewys het (SA 2003b:14);
- artikel 3 van die Wet op Deviesebeheeramnestie (SA, 2003b:10) het bepaal watter persone kwalifiseer vir die amnestieprogram. Daar is egter 'n voorvereiste in artikel 3, dat 'n persoon eers as 'n inwoner moes kwalifiseer het. Die definisie van 'n inwoner word uiteengesit in Artikel 1 van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 (SA, 1962:17).  
Artikel 1 bepaal:
  - dat 'n persoon as 'n inwoner klassifiseer indien die persoon:

'n natuurlike persoon is wat:

-gewoonlik in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig is; of

-nie op enige tydstip gedurende die betrokke jaar van aanslag gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie, indien daardie persoon fisies in die Republiek teenwoordig was:

- i. vir 'n tydperk wat 91dae in totaal gedurende die betrokke jaar van aanslag, sowel as vir 'n tydperk of tydperke wat 91 dae in totaal gedurende elk van die vyf jare van aanslag wat die jaar van aanslag voorafgaan, te bowe gaan; en

- ii. vir 'n tydperk of tydperke wat 915 dae in totaal gedurende daardie vyf voorafgaande jare van aanslag te bowe gaan.

In welke geval daardie persoon 'n inwoner sal wees met ingang van die eerste dag van die betrokke jaar van aanslag. (SA, 1962:17)

Beslote korporasies en trusts sal as inwoners geag word indien dit in Suid-Afrika ingelyf of dit effektiewelik in Suid-Afrika bestuur word.

- o Artikel 3 van die Deviesebeheer bepaal die volgende (SA, 2003b:10)
  - i. natuurlike persoon, beslote korporasies, trusts en bestorwe boedels wat buitelandse bates besit het op 28 Februarie 2003. Maatskappye is uitgesluit (die waarde wat gedeeltelike of ten volle afgelei is van enige ongemagtigde bate);
  - ii. Enige natuurlike persoon (insluitende 'n bestorwe boedel van 'n natuurlike persoon) beslote korporasies, trusts wat 'n buitelandse bate hou op 28 Februarie 2003, waar die waarde gedeeltelik of ten volle afgelei van enige bedrag wat nie aan die Kommissaris geopenbaar is nie soos vereis deur die Bestorwe Boedels wet van 1955, of die Inkomstebelasting wet van 1962, en
  - iii. Enige natuurlike persoon (insluitende 'n bestorwe boedel van 'n natuurlike persoon) of enige verwante partye met betrekking tot 'n applikant soos uiteengesit in paragraaf (a) , wat op of voor 28 Februarie 2003 so applikant bygestaan:
    - i. met die verkryging van buitelandse bates; of
    - ii. met die verskuiwings van bates of fondse vanaf die Republiek, tot voordeel van die applikant op enige manier wat in teen stryd is met regulasies van die wet op deviesebeheer, of in stryd is met die Bestorwe Boedels wet van 1955, of die Inkomstebelastingwet van 1962. En die buitelandse bates, fondse of bates nie meer deur daardie natuurlike persoon of 'n verwante party gehou word nie.

Die rede waarom die definisie van amnestie nie geldig was vir privaatmaatskappye sowel as publieke maatskappye wat buitelandse bates besit het nie, is omdat die maatskappye deur 'n aparte artikel in die Wet op Deviesebeheerregulasies 9 van 1933 gereguleer word (SA, 2003a:7).

Die gevolgtrekking wat gemaak word deur die inligting is dat die Deviesebeheeramnestie net aangebied is aan inwoners wat gekwalifiseer het en aan die definisie van Suid-Afrikaanse inwoners, soos omskryf in artikel een van die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962, voldoen het. Die meeste buitelandse inwoners is vrygestel van die amnestie omdat hulle buitelandse bates nie onderhewig is aan die Wet op Deviesebeheerregulasies 12 van 2003 of Suid-Afrikaanse belasting nie (SA, 2003a:7).

- die aansoeker moes ten minste een buitelandse bate besit het op 28 Februarie 2003 wat verkry is deur die oortreding van die Wet op Deviesebeheerregulasies;. (SA, 2003:3).
- en die aansoeker moes ten minste een buitelandse bate besit het op 28 Februarie 2003 wat verkry is deur middel van onverklaarde inkomste vanaf die buiteland (SA, 2003:3).
- Voordele van die Wet op Deviesebeheeramnestie volgens Karro (2003:2):
  - valutabeheer: Vrywaring van alle boetes sowel as kriminele vervolging wat ontstaan as gevolg van die oortreding van die wet.
  - inkomstebelasting: vrywaring van alle inkomstebelasting, rente en boetes wat ontstaan het as gevolg van die versuiming om inkomste of kapitaal wat ontstaan het vanaf buitelandse valuta voor of op 28 Februarie 2002 te verklaar.

Belastingpligtiges wat dus gebruik maak van die Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003 word kwytskeld van enige vervolging, rentes en boetes wat deur die Wet op Deviesebeheer sowel as die Inkomstebelastingwet gehef sou word. Die feit dat rentes,

boetes en vervolging kwytgeskeld is, het die amnestieprogram aanloklik gemaak vir belastingpligtiges;

- heffings ingevolge die Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003 soos uiteengesit in artikels 11 en 12:

SAID het die volgende persentasies gehef:

- 'n 5%-tarief op bates wat na Suid-Afrika teruggebring word en
- 'n 10% op bates wat in die buiteland gehou word (SA, 2003b:9).

Soos in die vorige punt vermeld by die voordele, was belastingpligtiges kwytgeskeld van vervolging, rentes en boetes. Daar moet egter soos in artikels 11 en 12 vermeld word, heffings betaal word op die buitelandse bates wat deur hulle gehou word. Die heffings is volgens die SAID die prys wat belastingpligtiges moet betaal om hulle belastingsake in orde te kry.

### *2.3.3 Resultate van die amnestie*

In 2006 se begroting het Manuel (2005:31) bevestig dat daar 42 672 aansoeke ontvang is, waarvan 42 184 goedgekeur is. Van die 42 184 is daar later 924 aansoeke onttrek en 20 aansoeke wat afgekeur is.

Die volgende kon redes wees vir die afkeur van die aansoeke (SA, 2003a:9):

- die aansoek wat gepaard moes gaan met die 2002/2003 belastingaanslag is nie op of voor die 29 Februarie 2004 ontvang nie; of
- die buitelandse bate is verkry deur middel van onwettige aksies; of
- die Kommissaris voor die aanvang van die amnestieperiode 'n belastingpligtige in kennis gestel het van 'n ondersoek of oudit teen hom.

Die verklaarde bates het sowat R68,6 miljard beloop, waarvan 70% van verklaarde bates in stryd was met die Wet op Deviesebeheerregulasie van 1961. Dit word beraam dat die inkomstebelastingbasis met R1,4 miljard vergroot is, wat 'n inkomste van sowat R400 miljoen 'n

jaar kan genereer. Die SAID het R2,9 miljard se inkomste ontvang as gevolg van die amnestieproses. (Mittner, 2006:XII).

Deur na die 42 672 aansoeke te verwys kan daar gesê word dat belastingpligtiges van die geleentheid gebruik gemaak het om hulle bates te openbaar en om hulle belastingsake in orde te kry. Daar is bates ter waarde van R68,6 miljard aan SAID en Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) verklaar en inligting aangaande buitelandse bates is verbreed (Mittner, 2006:XII). Mboweni (2006:5) het die sukses van die Deviesebeheeramnestie geloof in 'n toespraak aan die "Namibian Stock Exchange Scholar Investment Challenge" in Windhoek.

## **2.4 Kleinbesigheidsbelastingamnestie no. 10 van 2006**

### *2.4.1 Inleiding*

Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006 is deur SAID ingestel omdat hulle die belangrikheid van die klein besighede erken. Soos dit in die vorm SBA 001 bekragtig word: "sonder klein besighede sal ons Suid-Afrika nie kan sien groei en bloei soos hy wel gedoen het nie" (SAID, 2006:1).

Die Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006 het klein besighede die geleentheid gebied om wettige belastingpligtiges te word sonder enige vervolging. Volgens SAID was die amnestie meer as net die kwytskelding van belastingskuld, maar kon dit ook die toekomstige groei van die entiteit bevorder. (SAID, 2006:1).

Volgens die vorm SBA 001 (SAID, 2006:1) kon entiteite wat gebruik gemaak het van die amnestie groei omdat:

- wettige belastingpligtiges banke sowel as finansiële diensverskaffers kon nader vir hulp;
- belastingpligtiges vir groter kontrakte asook staatstenders aansoek kon doen;
- belastingpligtiges se werknemers meer beskerming en ondersteuning gebied word; en

- toegang tot ander bystandinisiatiewe deur die regering aangebied word.

Die doel met die amnestieprogram soos in artikel 1 van die Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006 genoem is (SA, 2006:6) was:

- om die belastingbasis te vergroot.

Volgens SAID was 'n daar menigte kleinsakeondernemings wat hulle belasting sake in orde wou kry maar huiwerig was omdat die gevaar van vervolgings, rente of boetes bestaan het. Die amnestie het die geleentheid aan sulke ondernemings gebied om hulle belasting sake in orde te kry en sodoende in die belastingnet in te kom sonder vervolging, rente en boetes (SA, 2006b:2);

- fasiliteer die normalisering van klein besighede se belasting sake.

Die belasting sake van klein besighede kan geregleer word as die entiteite in die belastingnet is;

- die verhoging en verbetering van 'n belastingbetalingskultuur, en.

Deur 'n belastingamnestie-geleentheid te bied kan belastingpligtiges gebruik maak van die geleentheid en sodoende word 'n kultuur van belastingbetaling bevorder.;

- fasilitering deelname in die taxi herkapitaliseringsprogram.

Groot getalle taxi-eienaars bedryf hulle ondernemings sonder om by SAID geregistreer te wees. Die amnestie geleentheid bied aan die taxi-industrie geleentheid om na vore te tree en hulle belasting sake in orde te kry. Hierdie doelwit gaan nie deur die studie behandel word nie.



#### 2.4.2 Uiteensetting van die amnestieprogram

Artikel 2 van die Wet op Kleinbesigheidsbelastingamnestie no. 9 van 2006 en Wysiging van Belastingwette van 2006, bevat die vereistes vir die gebruik van die amnestieprogram:

'n Persoon kon vir die amnestie aansoek doen indien (SA, 2006c:8; SA, 2006b:2):

- i. daardie persoon 'n natuurlike persoon was (insluitend bestorwe of insolvente boedels van natuurlike persone); en
- ii. die persoon 'n ongelyste maatskappy was voor of gedurende die 2006 jaar van aanslag en al die aandele of ledebelaang was regdeur die 2006 jaar van aanslag deur 'n natuurlike persoon gehou (insluitende die bestorwe of insolvente boedel van 'n natuurlike persoon).
- iii. is 'n trust, en al die begunstigdes van daardie trust deurentyd gedurende die 2006 jaar van aanslag natuurlike persone was (insluitend die bestorwe boedel van 'n natuurlike persoon; en
- iv. die totale inkomste wat deur die persone ontvang word uit die beoefening van 'n bedryf mag nie R10 miljoen oorskry het gedurende die 2006 jaar van aanslag nie, en indien die persoon se finansiële jaar nie 12 maande was nie, moet 'n bedrag van R 10 miljoen pro-rata tot die aantal maande wat meer of minder as 12 maande is aangepas word, en vir daardie doel moet 'n deel van 'n maand as 'n volle maand gereken word.

Opsomming van die program:

- Die amnestieprogram was net bedoel vir kleinsakeondernemings wat nie meer as R10 miljoen se bruto inkomste per jaar verdien nie. Die R10 miljoen is rekeningkundige bruto inkomste, wat die bedrag is voordat enige aftrekkings gemaak word. Die amnestieprogram het uit twee gedeeltes bestaan, naamlik 'n belastingamnestie sowel as belastingverligting vir kleinsakeondernemings (SA, 2006b:3).

Volgens die SAID is daarop belastingverligting sowel as die belastingamnestie besluit om te help dat kleinsakeondernemings kan groei en wettige belastingpligtiges word. Die inligtingsbrief wat tesame met die aansoekvorm uitgestuur is, het vermeld dat SAID maniere soek om dit makliker te maak om 'n klein besigheid te begin sowel as om die kleinbesigheid te laat groei en die amnestie was een van die maniere wat gebruik kon word (SA, 2006:1).

- amnestie is beskikbaar teen 'n minimale koste;
- kwytskelding van rente en boetes deur die Kleinbesigheidsbelastingsamnestie 9 van 2006 (Manuel, 2006:7);

Wat van die belastingpligtiges wat reeds na vore getree het om hulle sake in orde te kry of wat boetes of rentes opgelê is as gevolg van 'n oudit, ondersoek of ander optrede deur SAID? Die belastingpligtiges val buite die amnestieprogram omdat die amnestieprogram op 'n *quid-pro-quo* basis werk.

Met ander woorde SAID beloon die belastingpligtiges wat na vore tree voordat hulle vervolgt word. Belastingpligtiges wat skuldig bevind is en vervolgt is, kan benadeel voel omdat belastingontduikers wat van die amnestie gebruik maak kwytgeskeld word vir dieselfde oortreding as waarvoor hulle nou uitstaande skuld het.

SAID het sulke partye tegemoet gekom deur voorsiening te maak vir die partye deur rente, boetes sowel as ander addisionele kostes kwyt te skeld. Die amnestieprogram was egter nie ten volle beskikbaar aan sulke belastingpligtiges nie en SAID het die klein besighede tegemoet gekom deur belastingverligting te bied deur middel van verlaagde belastingheffings op belasbare inkomste (SA, 2006b:4).

**Tabel 2: Die tariewe van die amnestie word in die onderstaande tabel weergee:**

<i>Vanaf</i>	<i>Tot</i>	<i>Heffing</i>
<i>Belasbare inkomste (R)</i>	<i>Belasbare inkomste (R)</i>	
-	35 000	Geen heffing
35 001	100 000	2% op bedrae bo R35 000
100 001	250 000	R1 300+3% op bedrae bo R100 000
250 001	500 000	R5 800+4% op bedrae bo R250 000
500 001	Bo 500 000	R15 800+5% op bedrae bo R500 000

(SA, 2006a:10)

Tabel 2 verwys na die verligting wat deur SAID aangebied is aan die kleinsakeondernemings wat aan die vereistes van artikel 2 van die Kleinbesigheidsbelastingamnestie 9 van 2006 voldoen het.

**Tabel 3: Artikel 12E van die Inkomstebelastingwet, se tarief vir klein besighede was soos volg:**

<i>Vanaf</i>	<i>Tot</i>	<i>Heffing</i>
<i>Belasbare inkomste (R)</i>	<i>Belasbare inkomste (R)</i>	
0	35 000	Geen heffing
35 000	250 000	10% van bedrag waarmee belasbare inkomste R35 000 oorskry
250 000	Bo 250 000	29% van bedrag

(Manuel, 2006a: 22);

Tabel 3 verwys na die 2006 tariewe vir klein besighede. Tabel 2 se tariewe is aansienlik laer as die normale belastingkoerse soos in tabel 3. SAID se idee met die verlaging van die tariewe was om dit makliker te maak om klein besighede te begin sowel as om dit te laat groei (SA, 2006:1). Die volgende voorbeeld illustreer die verligting wat deur SAID gebied is. Voorbeeld: 'n Klein besigheid het R 500 000 se belasbare inkomste vir 2005. Die belasting gaan uitgewerk word deur tabel 2 en tabel 3 se gegewens te gebruik.

Tabel 1: verligtingstariewe van 2006 wat gepaard gegaan het met die belastingamnestieprogram	R 500 000 = R 15 800 Verskuldigde belasting
Tabel 2: teen die normale tariewe van 2005 voordat die verligting aangebied is deur SAID	R 500 000*29% = R 145 000 Verskuldigde belasting

Die vergelyking illustreer die belastingverligting wat SAID aan kleinsakeondernemings gebied het.

#### 2.4.3 Resultate van die amnestie

SAID se teiken met die amnestieprogram was 100 000 aansoeke. Die aansoeke wat werklik deur SAID ontvang is, het 353 388 beloop. Hiervan was 298 814 vir die amnestie en die balanserende syfer van 54 574 vir die kwytskelding van addisionele belasting, rente en boetes. Van die 353 388 was 24 174 aansoeke afkomstig van die taxi-industrie (SAID en SADF, 2008:42; Jones, S., 2007). Die rede hiervoor is dat 'n skoon rekord benodig word vir die "taxi recapitalisation programme". Van die 353 388 aansoeke is 22% ontvang van mense wat vir die eerste keer geregistreer het, wat volgens SAID die feit bekragtig dat die belastingbasis vergroot is (SA, 2008b:42).

**Tabel 4: Bedrae ontvang deur SAID deur middel van Kleinbesigheidsbelastingamnestie no. 10 van 2006**

Jare	Bedrae ontvang
2006 tot 2007	R 700 000
2007 tot 2008	R 12 800 000
2008 tot 2009	R 51 600 000
<b>Somtotaal</b>	<b>R 65 100 000</b>

(SA, 2009a:36)

Tabel 4 toon die inkomste wat ontvang is deur SAID ten opsigte van die Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006. Die belastingamnestie was beskikbaar vanaf 1 Augustus 2006 tot 31 Mei 2007. Die periode is verleng tot die 30 Junie 2007 maar SAID het aansoeke tot en met 31 Augustus 2007 ontvang. Hierdie uitstel is gebied weens versoeke deur die publiek (Manuel, 2007:3).

Die 353 388 aansoeke was aansienlik meer as 100 000 waarvoor begroot is deur SAID. Deur na die aantal aansoeke (353 388) wat ontvang is sowel as die inkomste (R65 100 000) wat ontvang is te verwys kan die amnestieprogram as suksesvol geklassifiseer word. SAID het ook daarin geslaag om belastingverligting te bied aan klein besighede.

Daar was egter probleme met die amnestieprogram soos dit deur die Katz-Kommissie bepaal is (Katz, 2000:7), naamlik:

- die amnestie was te streng en het nie die geleentheid gebied vir klein swart besighede wat uitstaande kapitaal, rente en boetes het om in die sisteem in te kom nie;
- die onvermoë van SAID om probleme op te volg;
- 'n gebrek aan 'n kommunikasiestrategie sowel as die onvermoë van SAID om belastingpligtiges op te lei; en
- beperkte belasting- en rekenkundige kennis deur die teikenmark van die amnestieprogram.

SAID beskou die Kleinbesigheidsamnestie 10 van 2006 as die mees suksesvolle amnestieprogram tot op datum (Katz, 2000:7). Die probleme wat deur die Katz-Kommissie ontbloot is, moet egter in ag geneem word sodat toekomstige amnestieprogramme meer suksesvol kan wees.

## **2.5 Opsomming van die amnesties**

Die onderstaande tabel is 'n opsomming van die drie vorige belastingamnestieprogramme. In die tabel word die aansoeke wat ontvang is sowel as die bedrae wat ontvang is aangedui. Die doelwitte waarvoor die amnestieprogramme ingestel is, word ook vermeld in die tabel.

**Tabel 5: Opsomming aangaande die vorige drie belastingamnestieprogramme**

	<b>Wet op Belastingamnestie 19 van 1995</b>	<b>Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003</b>	<b>Kleinbesigheidsamnestie 10 van 2006</b>
Aansoeke ontvang	23 200 aansoeke (Kolitz & Killian, 2004:10)	42 672 aansoeke (Mittner, 2006:XII)	353 388 aansoeke (SAID en SADF, 2008:42)
Bedrae ontvang	Nie beskikbaar nie	R2,9 miljard (Mittner, 2006:XII)	R65,1miljoen (SAID en SADF, 2009:36)
Doelwitte van die amnestie	Die amnestie se doelwitte was om die belastingbasis van die belastingpligtiges sowel as die inkomste insameling te vergroot. (Brand, 2000:16)	Die doel met die Valuta-beheeramnestie was: (a) om Suid-Afrikaanse inwoners die geleentheid te bied om hulle onverklaarde buitelandse valuta sowel as hulle belastingsake in orde te kry, verskaffing van inligting rakende buitelandse bates aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, en die Reserwebank van Suid-Afrika; <ul style="list-style-type: none"> <li>• om terugvoering te fasiliteer van buitelandse bates na Suid-Afrika; en</li> <li>• om toekomstige invordering van inkomste te vergroot.</li> </ul> (SA, 2003:1)	Die doel met die amnestieprogram was om: (a) die belastingbasis van belastingpligtiges in Suid-Afrika te verbreed, (b) klein besigheidsbelastingsake te reguleer, (c) die belastingpligtigeskultuur deur belastingpligtiges te bevorder, en (d) deelname van die taxi-industrie aan te moedig (SA, 2006:6).

## 2.6 Gevolgtrekking

In die hoofstuk is die vorige belastingamnestieprogramme in Suid-Afrika ontleed om kennis in te samel aangaande die formulering van die programme en die sukses wat met die onderskeie programme behaal is.

- **Die Wet op Belastingamnestie 19 van 1995**

Die Wet op Belastingamnestie het die geleentheid aan inwoners gebied om in die belastingnet in te kom. Die amnestie het die fundamente gelê vir toekomstige amnestieprogramme wat in Suid-Afrika sou plaasvind. SAID het 23 200 aansoeke (Kolitz & Killian, 2004:10) ontvang wat bevestig dat die amnestieprogram se doelwitte bereik is, naamlik om belastingpligtiges die geleentheid te bied om in die belastingbasis in te kom. (hoofstuk 2.2) Die gevolgtrekking is dat die Wet op Belastingamnestie 19 van 1995 suksesvol was.

- **Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003**

Die risiko om onverklaarde buitelandse bates te hê het aansienlik hoër geraak soos in hoofstuk 2.3.1 vermeld is. SAID het belastingpligtiges tegemoetgekom met behulp van die Wet op Deviesebeheeramnestie. Die volgende uiteensetting toon dat die doelwitte van die Deviesebeheeramnestie soos in (hoofstuk 2.3.1) uiteengesit is, bereik is:

- belastingpligtiges is die geleentheid gebied om hulle belastingsake sowel as buitelandse valutasake in orde te kry. SAID het 42 672 aansoeke ontvang vir die amnestieprogram wat toon dat die publiek gebruik gemaak het van die geleentheid (Mittner, 2006:XII); en
- die amnestieprogram het inligting ingewin vir SAID en SARB aangaande buitelandse bates. 'n Bewys van die afleiding is die R68,6 miljard buitelandse bates wat tydens die amnestie-periode teruggevoer is na Suid-Afrika, en dat die inkomstebelastingbasis met R1,4 miljard gegroei het (Mittner, 2006:XII). Die SAID het dus inligting ingewin wat beteken dat hierdie doelwit bereik is.

- die amnestieprogram het ook die terugvoering van bates na Suid-Afrika gefasiliteer. 'n Bewys van hierdie afleiding is die R68,6 miljard bates wat terug gevoer is na Suid-Afrika toe. (Mittner, 2006:XII).
- om die invordering van inkomste in die toekoms te vergroot. Daar is geskat dat die inkomste van R400 miljoen 'n jaar in die toekoms verkry gaan word as gevolg van die amnestieprogram. (Mittner, 2006:XII).

Die Wet op Deviesebeheeramnestie kan as suksesvol geklassifiseer word omdat die program al die doelwitte bereik het waarvoor dit ingestel is. In 'n toespraak deur Coetzee van die SARB aan die Parlement se portefeuljekomitee bevestig hy dat die Deviesebeheeramnestie suksesvol was (Du Preez, 2010:3). In 'n ander toespraak aan die "Namibian Stock Exchange Scholar Investment Challenge" in Windhoek, het Mboweni die sukses van die Deviesebeheeramnestie geloof (SARB, 2006:5). Die gevolgtrekking is dat die Deviesebeheeramnestie suksesvol was.

- **Kleinbesigheidbelastingamnestie 10 van 2006**

"Sonder klein besighede sal ons Suid-Afrika nie kan sien groei en bloei soos hy wel gedoen het nie" (SAID, 2006:1). SAID het die belangrikheid van kleinsakeondernemings erken en het om die rede 'n belastingamnestieprogram geloods wat gepaard gegaan het met belastingverligting vir sulke ondernemings.

Die Kleinbesighedsamnestie het 353 388 aansoeke ontvang waarvan 298 814 aansoeke vir die belastingamnestieprogram was. Deur na die aantal aansoeke wat ontvang is te verwys, het SAID die belastingkultuur sowel as die belastingbasis van belastingpligtiges vergroot. Dit was twee van die doelwitte waarvoor die Kleinbesighedsbelastingamnestie ingestel is. Die doelwit met betrekking tot die deelname van die taxi-industrie is bevredig, deurdat 22% van die 353 388 aansoeke vanaf die industrie was. Gordan (SAID, 2008:5) het in SAID se Jaarlikse Verslag vir 2007/2008 bevestig dat die Kleinbesigheidbelastingamnestie baie suksesvol was.

- **Gevolgtrekking:**

Die algehele gevolgtrekking is dat Suid-Afrika 'n positiewe geskiedenis het as dit kom by die effektiwiteit van belastingamnestieprogramme. As die tendens voortduur kan die Vrywillige



Blootleggingsprogram effektief wees. Die volgende hoofstuk verwys na buitelandse amnestieprogramme, dit is die tweede fase van die strategie soos wat in hoofstuk 1.2 voorgelê is.

## HOOFSTUK 3

### OORSIG VAN ANDER LANDE SE AMNESTIEPROGRAMME

#### 3.1 Inleiding:

Die eerste fase van die strategie om die probleemstelling op te los is in die vorige hoofstuk bespreek. Die afleiding is gemaak dat die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees as die resultate van die vorige belastingamnestieprogramme in Suid-Afrika as maatstaf gebruik word. Suid-Afrikaanse amnestieprogramme kan egter nie alleenlik gebruik word om 'n gevolgtrekking te maak nie. Die ervarings van ander lande se belastingamnestieprogramme moet gebruik word sodat daar 'n ingeligte gevolgtrekking gemaak kan word.

In hierdie hoofstuk word die tweede fase (Sekondêre doelwit hoofstuk 1.5) bespreek deur na die volgende lande se amnestieprogramme te verwys: Australië, Kanada, Ierland en die Verenigde Koninkryk. Die sukses wat met die lande se amnestieprogramme behaal is, kan gebruik word om 'n voorspelling te maak of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees in Suid-Afrika al dan nie.

Ierland is 'n land wat al menigte amnestieprogramme gehad het, indien hulle amnestieprogramme effektief was kan 'n voorspelling gemaak word dat die vierde amnestieprogram (Vrywillige Blootleggingsprogram) effektief gaan wees. Kanada aan die anderkant maak gebruik van 'n deurlopende amnestieprogram wat dit moontlik maak vir hulle belastingpligtiges om enige tyd van die amnestie gebruik te maak. Hierdie tipe amnestie kan moontlik tot voordeel wees vir Suid-Afrika. Dit is dus nodig dat ander lande se programme ondersoek moet word om te bepaal hoe dit geformuleer was sowel as wat die effektiwiteit van die programme was.

Die volgende lande is gekies naamlik Australië, Ierland, Kanada en die Verenigde Koninkryk want die lande se stelsels is op die dieselfde belastingbeginsel, naamlik selfaanslag, geskoei. Selfaanslag beteken dat die belastingpligtige verantwoordelik is om sy eie belastingopgawe te voltooi. Die beginsel word ook deur Suid-Afrika gebruik. Deur die lande (Australië, Ierland, Kanada sowel as Die Verenigde Koninkryk) as maatstaf te gebruik kan daar akkurate aannames gemaak word omdat die lande van dieselfde verantwoordings-stelsel gebruik maak as Suid-Afrika. (hoofstuk 1.2)

## **3. 2 Ierland**

### *3.2.1 Inleiding*

Ierland het 'n menigte belastingamnestieprogramme gehad waarvan die eerste amnestieprogram reeds in 1988 plaasgevind het. Ierland word tans met die probleem gekonfronteer dat belastingpligtiges nie meer ag slaan op die belastingamnestieprogramme nie, omrede 'n presedent geskep is dat daar gereelde amnestieprogramme beskikbaar is. Kolitz en Killian (2004:254) het bepaal dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen Suid-Afrika en Ierland se hantering van belastingontduiking. Hierdie ooreenkoms behels dieselfde tipe wette wat geïmplementeer word om belastingontduiking te bekamp. Ierland se resultate van menigte amnestieprogramme word dus gebruik om 'n voorspelling te maak of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees al dan nie. In die studie gaan daar na die twee algemene belastingamnestieprogramme van 1988 en 1993 verwys word.

Daar was egter ander belastingamnestieprogramme gewees waarna daar nie verwys gaan word nie. Daar was vyf ander amnestieprogramme tussen 1988 en 1993 maar die studie fokus op die algemene amnestieprogramme wat geïmplementeer is. Die 1988 was die eerste amnestie geleentheid, dit was 'n algemene amnestieprogram, waarna die tweede algemene amnestieprogram in 1993 was. Suid-Afrika het ook twee ander amnestie geleenthede gehad tussen die algemene amnestieprogramme, Ierland se situasie sal dus 'n goeie maatstaf wees om te gebruik.

### *3.2.2 Amnestieprogramme in Ierland*

#### *3.2.2.1 Die 1988-Belastingamnestieprogram*

Gedurende 1980-1990 het daar reuse ekonomiese groei in Ierland plaasgevind. Een van die bydraende faktore wat gehelp het met die groei was die 1988-amnestieprogram. Tesame met die amnestieprogram het Ierland die beginsel van selfaanslag ingestel waardeur

belastingpligtiges verantwoordelikheid moes aanvaar om hulle eie belastinginligting in te vul en dan op die ingevulde inligting belas te word (Coyle *et al.*, 2009:56)

### 3.2.2.2 *Doelwit van die 1988-belastingamnestieprogram*

Die 1988-belastingamnestieprogram het belastingpligtiges die geleentheid gebied om na vore te tree en hulle sake in orde te kry voordat daar oorgeskakel is na die selfaanslag beginsel (Coyle *et al.*, 2009:56).

### 3.2.2.3 *Die 1988-belastingamnestieprogram*

Die program het die volgende behels:

- belastingpligtiges het 'n periode van 10 maande gehad waarin hulle agterstallige belasting kon betaal; en
- belastingpligtiges wat gebruik gemaak het van die amnestieprogram is gevrywaar van enige rente, boetes of vervolging.

Na die afloop van die 10-maande periode, het die Kommisaris van Inkomste (Revenue Commissioner) die volgende maatreëls ingestel:

- name van belastingpligtiges wat uitstaande belasting gehad het, is gepubliseer in koerante;
- 'n nuwe belastingstelsel is ingestel, naamlik die selfaanslag beginsel; en
- rente en boetes is verhoog vir belastingpligtiges wat belasting ontduik of wat uitstaande belasting gehad het.

### 3.2.2.4 *Resultate*

Die Sentrale Bank van Ierland het beoog om 'n bedrag van \$50 miljoen met die amnestieprogram in te samel, maar daar is 'n bedrag van \$750 miljoen (£500 miljoen)

ingesamel (Uchitelle, 1989:50). Die Kommissaris van Inkomste het sowat 170 000 aansoeke ontvang tydens die amnestieprogram (Killian & Kolitz, 2004:251). Die 1988-amnestieprogram word as 'n reuse sukses beskou deur Uchitelle (1989:50)) wat 'n artikel geskryf het oor die sukses wat behaal is met belastingamnestieprogramme.

Die rede vir die sukses wat behaal is met die amnestieprogram word toegeskryf aan die volgende faktore, soos deur Elliot Uchitelle beskryf:

- die 1988-amnestieprogram sou die eerste en die laaste kans gewees het vir belastingamnestie in Ierland gewees het volgens die Kommissaris van Inkomste.;
- die amnestieprogram was aantreklik vir belastingpligtiges omdat daar nie boetes, rente of vervolging gegaar het met die amnestieprogram nie;
- belastingpligtiges het dus van die geleentheid gebruik gemaak om hulle belasting sake in orde te kry; en
- daar is maatreëls ingestel wat tot die gevolg gehad het dat dit al hoe moeiliker geraak het om buite die belastingnet te wees; dit was dus nie die risiko werd om buite die belastingnet te wees nie (Uchitelle, 1989:50).

#### *3.2.2.5 Die 1993-Belastingamnestieprogram*

Die Kommissaris van Inkomste het gepubliseer dat die 1988-belastingamnestieprogram die eerste en laaste geleentheid vir amnestie in Ierland sou wees. Die tweede algemene amnestie is aangekondig omdat Ierland gebuk gegaan het onder begrotingstekorte (Luitel, 2005:57).

Die doelwitte met die 1993-belastingamnestieprogram:

Die doelwitte van Ierland se 1993-amnestieprogram was om belastingpligtiges die geleentheid te gee om fondse wat in die buiteland gehou word terug te bring na Ierland toe sowel as om belastingpligtiges die kans te gee om hulle belasting sake in orde te kry. (Luitel, 2005:57).

### 3.2.2.6 Die program 1993-Belastingamnestieprogram

Die program het die volgende behels:

Die fondse sou teen 'n spesiale koers belas word, naamlik 15%, wat aansienlik minder was as die normale belastingkoers van 50%. Die parlement het egter die amnestie gewysig en dit is verander na 'n algemene amnestie. Geen rente of boetes is gehef nie, maar die belastingpligtige moes steeds die verskuldige belasting bedrag betaal het. (Luitel, 2005:57).

Die 1993-amnestie was gekniehalter deur kontroversie omdat die media in Ierland stories begin ondersoek het oor hooggeplaaste politiese figure wat belasting ontduik het. Banke is beskuldig van ongerymdhede omdat daar groot bedrae inkomste was wat na die buiteland geneem is deur middel van fiktiewe bankrekeninge. Ahern, die Minister van Finansies, het die 1993-amnestieprogram aangekondig wetende van die ongerymdhede (Collins, 2004:2). Die Kommissaris van Inkomste word beskuldig daarvan dat hulle van die ongerymdhede geweet het, maar dat hulle nie opgetree het teen die banke nie. Na die gebeure was die meerderheid van politiese partye gekant teen amnesties in Ierland (Killian & Kolitz, 2004:251).

### 3.2.2.7 Resultate

Die 1993-amnestieprogram was nie so suksesvol soos die amnestieprogram van 1988 nie, omrede:

- die amnestieprogram nie aanloklik was vir die belastingpligtiges nie, want daar was 'n 15% heffing op uitstaande belasting;
- die oomblik wat daar meer as een belastingamnestieprogram geloods word, daar 'n presedent geskep word dat daar weer geleentheid sal wees vir belastingamnestie. Belastingpligtiges ag dit dan nie nodig om die amnestie te benut nie, omdat hulle verwag dat daar weer 'n geleentheid sal wees.

Die 1993-belastingamnestieprogram het sowat £260 miljoen ingevorder vir die Kommissaris van Inkomste (Revenue Commissioners, 2010:3). Dit is amper die helfte minder as wat die 1988-amnestieprogram ingevorder het.

### 3.2.3 *Gevolgtrekking*

Die eerste amnestie van 1988 is beskou as die mees suksesvolle amnestieprogram van daardie tyd (Uchitelle, 1989:50). Die sukses van die program gee 'n moontlike rede vir die ontstaan van Ierland se belastingamnestie-probleme. Die 1988-amnestie sou volgens die Kommissaris van Inkomste die eerste sowel as die laaste geleentheid gewees het vir belastingamnestie. Ierland het begrotingstekorte ervaar en as gevolg van die probleem is daar weer 'n belastingamnestieprogram in 1993 aangebied.

Een van die redes waarom die 1988-amnestie suksesvol was, word toegeskryf aan die feit dat dit die eerste en die laaste geleentheid sou wees vir belastingamnestie in Ierland. Die feit dat Ierland ander belastingamnestieprogramme gehad het skep die verwagting dat daar weer amnestieprogramme in die toekoms sal wees. Die feit word bekragtig deur die 1993 amnestie wat geloots is nadat die Kommissaris van Inkomste gesê het dat daar nie weer 'n amnestie geleentheid sal wees nie.

Quinn se gevoel rondom belastingamnestieprogramme is dat dit 'n manier is waardeur owerhede die belastingstelsel manipuleer (Quinn, 2002:3). Die 1993-amnestieprogram is 'n voorbeeld hiervan, omdat die owerheid 'n amnestieprogram geloods het omdat daar begrotingstekorte was. Die owerheid wou deur middel van 'n belastingamnestieprogram fondse insamel om die tekorte uit te wis.

Volgens Kiev (2003:2), wat 'n studie oor belastingamnestie gedoen het, maak Ierland gebruik van eenmalige amnestie (one-shot amnesty). Die tipe amnestie skep die geleentheid aan belastingpligtiges om hulle belastingssake in orde te kry teen 'n verlaagde koers. Die soort amnestieprogram is aantreklik vir belastingpligtiges met die uitwerking dat die belastingpligtiges na vore tree en hul belastingssake openbaar. Die nadeel van eenmalige amnestie is dat belastingpligtiges verwag dat daar 'n opvolg-amnestie sal wees.

Wanneer die twee algemene amnestieprogramme vergelyk word, is dit duidelik dat die Kommissaris van Inkomste ongeveer die helfte minder ontvang het met die 1993-amnestieprogram. Die Vrywillige Blootleggingsprogram is Suid-Afrika se vierde belasting-

amnestie-geleentheid, maar dit is die tweede algemene belastingamnestieprogram wat vir inwoners beskikbaar is.

Die 1993-belastingamnestieprogram was Ierland se tweede algemene belastingamnestieprogram gewees. Deur na die resultate van die 1993-belastingprogram te verwys kan dit moontlike probleme voorspel vir Suid-Afrika se Vrywillige Blootleggingsprogram omdat die 1993-program se resultate swakker was as die 1988-belastingamnestieprogram. Daar was egter eksterne faktore soos waarna in punt 3.2.2.6 verwys is wat dit nie moontlik maak om die program te gebruik om 'n afleiding te maak nie. Sowel as die feit dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nie gesê het dat die 1995 belastingamnestie die eerste en laaste geleentheid sal wees vir amnestie nie. Ierland se situasie het egter getoon dat die risiko bestaan dat die opvolg amnestieprogram nie so effektief is soos die aanvanklike amnestieprogram nie.

### **3.3 Kanada**

#### *3.3.1 Inleiding*

Kanada se amnestieprogram staan bekend as die Vrywillige Blootleggingsprogram. Hierdie Vrywillige Blootleggingsprogram funksioneer op die permanente amnestie-beginsel. Dit behels dat die amnestieprogram deurlopend beskikbaar is aan belastingpligtiges om hulle belastingsake in orde te kry. Permanente amnesties maak dit moontlik om uitstaande (verskuldigde) belasting enige tyd te kan betaal sonder enige vervolging. Die openbaarmaking geskied teen die normale belastingkoers, dus is daar geen verlaagde koerse met betrekking tot permanente amnestie nie. (Kiev, 2003:2).

Die eerste omsendbrief wat 'n gedeelte van die Vrywillige Blootleggingsprogram bevat het, was die 1970-omsendbrief. Wysigings aan die 1970-omsendbrief het plaasgevind in die 1985-omsendbrief en die 1992-omsendbrief. Die Vrywillige Blootleggingsprogram is weer hersien en gepubliseer in die 2000-omsendbrief (Bernier, 2004:34:3).



### 3.3.2 *Bespreking van Kanada se amnestieprogram*

Hier volg 'n uiteensetting van veranderinge wat aan die Vrywillige Blootleggingsprogram aangebring is soos deur Jacques Bernier uiteengesit:

Die Vrywillige Blootleggingsprogram van 1970 is ingestel om belastingpligtiges die kans te bied om hulle verskuldigde belasting te betaal sonder enige vervolgings, rente of boetes. Die beginsel van die 1970 Vrywillige Blootleggingsprogram was om aan belastingpligtiges die kans te bied om hulle belastingsake in orde te kry;

- Die 1985-omsendbrief het die volgende wysigings bevat:
  - boetes wat gehef is op laat-aansoeke is uitgehaal;
  - die verskuldigde bedrag van die belastingpligtige kan deur middel van 'n eenmalige betaling gedoen word op die datum van die openbaarmaking of in paaiemente betaal word soos ooreengekom met die belastingowerheid; en
  - prosedures is ingestel om meer generiese openbaarmakings te akkommodeer, soos bv. anonieme openbaarmakings.
- Die 1992-omsendbrief het die volgende wysigings aangebring:
  - die weglating van boetes op die laat-openbaarmakings as deel van die belastingpligtige se belastingskuld; en
  - die goedkeuring van gedeeltelike openbaarmaking.
- Die 2000-omsendbrief: In die laat 1990's is die Vrywillige Blootleggingsprogram opgedateer om aan die Kanadese Inkomste Owerheid se 7-Puntplan vir Regverdigheid te voldoen.

Die volgende aangeleentheid is verander of duideliker gestel, naamlik die volledighedsvereistes is bekragtig. Die Kanadese Inkomste Owerheid het bepaal dat 'n gedeeltelike openbaarmaking nie voldoende is om aan die Vrywillige Blootleggingsprogram se vereistes te voldoen nie;

Daar is twee bykomende vereistes, naamlik:

- die openbaarmaking moet gepaard gaan met 'n betaling van 'n geldelike boete; en
- die inligting moes ten minste een jaar agterstallig wees.

### 3.3.3 Resultate van die program

Die Vrywillige Blootleggingsprogram het van krag tot krag gegaan soos tabel 6 illustreer. Tabel 6 toon hoe die program gegroei het van 2000 tot en met 2004. Die tabel toon hoe die aansoeke tesame met die inkomste vermeerder het oor die tydperk.

**Tabel 6 Die groei van die Vrywillige Blootleggingsprogram (Bernie, 2004:34:2)**

<b>Periode</b>	<b>Aantal aansoeke wat verwerk is per jaar (Kumulatief)</b>	<b>Aantal aansoeke wat goedgekeur is per jaar</b>	<b>Toename in belasting</b>	<b>Inkomste vanaf rentes en boetes</b>
2000-2001	2562	1598	\$ 142, 6 miljoen	\$ 25, 1 miljoen
2001-2002	4732	3362	\$ 230, 0 miljoen	\$ 40, 7 miljoen
2002-2003	5097	4282	\$ 277, 0 miljoen	\$ 59, 6 miljoen
2003-2004	6164	4164	\$ 459, 4 miljoen	\$ 68, 9 miljoen

Die Vrywillige Blootleggingsprogram het in 2009 sowat 2 562 openbaarmakings tot gevolg gehad en daar is \$600 miljoen se onverklaarde buitelandse inkomstes ontvang. In die 2008-tydperk was daar 1 858 persone wat geopenbaar het en daar is \$100 miljoen se onverklaarde buitelandse bedrae ontvang (Brent, 2010:1).

Deur na tabel 6 sowel as die bogenoemde inligting te verwys toon die inkomste sowel as die aansoeke wat ontvang is, dat die Kanadese Inkomste Owerheid se Vrywillige Blootleggingsprogram suksesvol is. Die inkomste vanaf rentes en boetes het ontstaan as gevolg van belastingpligtiges wat deur die belastingowerheid vervolg is omdat hulle belastingsake nie in orde was nie.

### *3.3.4 Gevolgtrekking*

Soos in hoofstuk 3.3.1 genoem, funksioneer Kanada op die beginsel van permanente amnestie. Die gevolgtrekking van Bernier (2004:34:14) se studie oor die Vrywillige Blootleggingsprogram is dat dit 'n doeltreffende manier is waarop belastingpligtiges se belastingnakoming verbeter kan word omrede daar geen rente, boetes of vervolgings gepaard gaan met die program nie.

Deur na die sukses van Kanada se permanente amnestieprogram te verwys, kan Suid-Afrika oorweeg om dieselfde beginsel te implementeer. Die voordele verbonde aan die permanente amnestieprogram is die volgende:

- die amnestieprogram is deurlopend beskikbaar aan belastingpligtiges om hulle belastingsake in orde te kry;
- uitstaande (verskuldigde) belasting moet steeds betaal word. Die uitstaande belasting word teen die normale koers gehef, so daar ontstaan geen verlies aan inkomste weens uitstaande belasting wat teen verlaagde koerse gehef word nie; en
- permanente amnesties kan die doeltreffendheid van belastingstelsels verbeter (Kiev, 2003:2).

'n Permanente amnestieprogram kan tot voordeel wees vir Suid-Afrika deurdat dit die doeltreffendheid van die belastingstelsel kan verbeter. 'n Voorbeeld hiervan is dat belastingpligtiges wat onwetend belastingontduik wettige belastingbetalers kan word sonder enige rentes, boetes of vervolging. Die amnestieprogram is deurlopend beskikbaar wat dit moontlik maak dat belastingpligtiges op enige tydperk van die geleentheid gebruik kan maak. Die SAID hoef nie inkomste prys te gee deur uitstaande belastingskuld kwyt te skeld nie, omdat uitstaande skuld steeds betaal moet word.

### **3. 4 Die Verenigde Koninkryk**

#### *3.4.1 Bespreking van die amnestieprogramme*

Die Verenigde Koninkryk het in 2007 'n amnestieprogram gehad, naamlik die Buitelandse Openbaarmakings Geleentheid (Offshore Disclosure Facility (ODF)). Die program het die geleentheid gebied vir belastingpligtiges om hulle buitelandse inkomste te verklaar. Die amnestieprogram het gepaard gegaan met 'n boete van 10% wat op uitstaande belastingskuld gehef is.

Daar was 62 000 persone wat na vore getree het tydens die registrasieproses van die amnestieprogram, waarvan 45 000 die belasting, rente en die vaste 10%-boete betaal het voor die sperdatum. Die amnestieprogram het £400 miljoen in onverklaarde inkomste ingevorder en die uitgawes aangaande die amnestie het ongeveer £6.5m beloop (KPMG, 2007:1).

In 2009 het Grant Thornton se Verenigde Koninkryk-afdeling 'n belastingmanifes uitgereik waarin hulle voorgestel het dat die Verenigde Koninkryk se belastingwette herskryf moet word. 'n Aangeleentheid wat in die manifes bespreek word, is die feit dat daar geleentheid moet wees vir "ware amnestie" in die Verenigde Koninkryk. Met "ware amnestie" word bedoel dat die amnestieprogram meer aantreklik moet wees vir belastingpligtiges, sodat hulle oortuig word om na vore te kom en hulle belastingsake in orde te kry. Daar word ook verwys na Ierland in die manifes as gevolg van die sukses wat deur hulle behaal is met belastingamnestieprogramme (Grant Thornton, 2009:21).

Die Britse Belastingowerheid (Her Majesty's Revenue & Customs) het in 2009 aangekondig dat daar geleentheid gaan wees vir belastingamnestie. Die amnestieprogram staan bekend as die Nuwe Openbaarmakingsgeleentheid (New disclosure opportunity (NDO)) (Dixon Wilson, 2009:1). Die program het die geleentheid gebied aan belastingpligtiges om hulle buitelandse fondse sowel as die inkomste wat daarvandaan gegenereer word te verklaar teen 'n verlaagde boete. Die amnestieprogram het in Maart 2010 tot 'n einde gekom. Daar was 40 000 persone wat van die geleentheid gebruik gemaak het (OECD, 2010:32).

Die Verenigde Koninkryk het strengere maatreëls ingestel om persone wat belasting ontduik te vervolg. Die maatreëls het die risiko van vervolging onafwendbaar gemaak. Dit het dus die

belastingpligtiges geen ander uitweg gebied as om hulle belastingsake te openbaar nie. In Februarie 2010 is daar 'n petisie opgestel waarin daar gevra is vir 'n algehele amnestieprogram vir alle inwoners van die Verenigde Koninkryk

Die Verenigde Koninkryk se amnestieprogramme vrywaar nie die belastingpligtiges teen vervolging nie. Dus kan 'n belastingpligtige wat gebruik maak van die amnestieprogramme in presies dieselfde posisie geplaas word as wanneer hy nie van die amnestie gebruik gemaak het nie. Hierdie aangeleentheid maak die amnestieprogramme minder aantreklik vir belastingpligtiges, wat tot die gevolg het dat amnestieprogramme nie benut word nie. Dit het 'n direkte uitwerking op die sukses wat behaal word deur amnestieprogramme in die Verenigde Koninkryk. Belastingontduikers wil hulle belastingsake in orde kry sonder enige vervolging, daarom moet 'n belastingamnestieprogram verkieslik nie gepaard gaan met vervolgings nie.

### *3.4.2 Gevolgtrekking*

Die petisie bevestig dat daar 'n tekort is aan 'n algemene belastingamnestieprogram in die Verenigde Koninkryk. Die feit dat belastingpligtiges steeds vervolgt kan word nadat hulle gebruik maak gemaak het van die amnestie maak die program minder aantreklik. Die algemene belastingamnestieprogram moet gunstige voordele hê, sodat belastingpligtiges na vore kan tree om hulle belastingsake in orde te kan kry.

Redes waarom die belastingowerhede nie amnestieprogramme aankondig:

- Nie bereid om inkomste prys te gee nie. Inkomste word prysgegee as belastingontduikers in die belastingsisteem kan inkom teen verlaagde belastingkoerse of sonder rentes, boetes of die betaling van uitstaande belastingskuld.
- Die belastingowerheid van mening is dat die maatreëls wat ingestel is, is effektief om belastingontduikers vas te trek (Kiev, 2003:3).

## **3.5 Australië**

### *3.5.1 Bespreking van die amnestieprogramme*

Die eerste belastingamnestie wat in Australië plaasgevind het was die van 1988 waarna die volgende belastingamnestie eers weer in 2007 was. Australië is dus 'n land wat nie van menigte amnesties gebruik maak om die probleem van belastingontduiking te bekamp nie. Die 1988 amnestie het aan belastingpligtiges die geleentheid gebied om hulle belastingsake in orde te kry. Die rede waarom die Australiese Belastingkantoor die amnestieprogram ingestel het, was om inkomste-invordering te vergroot sowel as die belastingbasis te verbreed (Le Maistre, 2009:9).

Een van die Australiese belastingkantoor se probleme was dat belastingpligtiges onverklaarde inkomste verdien vanaf fondse in die buiteland, wat dan nie in Australië verklaar word nie. Om die probleem op te los is daar in 2007 'n spesifieke amnestieprogram ingestel om belastingpligtiges die geleentheid te bied om die buitelandse fondse aan die belastingowerheid te verklaar.

Die amnestieprogram het bekend gestaan as die Vrywillige Blootleggingsprogram. Die Australiese belastingkantoor het sowat 3 000 openbaarmakings ontvang. Die inkomste wat ingevorder is, was AUD306 miljoen waarvan AUD65 miljoen deur middel van boetes ingevorder is. Die sukses wat behaal is deur die vorige amnestieprogram het aanleiding gegee tot die aankondiging van 'n addisionele amnestieprogram vir individue in 2010 (D'Ascenzo, 2009:1).

### *3.5.2 Gevolgtrekking*

As gevolg van die sukses van die 2007-amnestieprogram is daar besluit om weer in 2010 'n geleentheid te bied vir amnestie. Deur die aankondiging van 'n opvolg-amnestie ontstaan die gevaar dat belastingpligtiges dit nie gaan nodig ag om na vore te tree nie, omrede hulle onder die indruk is dat daar weer 'n belastingamnestie sal wees.

Die Australiese belastingowerheid maak egter voorsiening vir die probleem, deur strengere maatreëls in te stel. Die strengere maatreëls dwing die belastingpligtiges om in die belastingnet in te kom. Die maatreëls behels strengere wetgewing sowel as die ondertekening van

belastingooreenkomste met ander lande. Australië is 'n land wat nie op 'n gereelde basis belastingamnestie aanbied vir die inwoners van hulle land nie. Die Australiese Belastingowerheid het 'n publikasie uitgereik waarin die volgende vermeld word: “die laaste amnestie wat aangekondig is deur die owerheid was op 27 Mei 1988” (Le Maistre, 2009:9). Die punt toon dat Australië nie gewoonlik van amnestieprogramme gebruik maak om hulle belastingontduiking probleem te bekamp nie. Die belastingowerheid se opinie aangaande amnestie moes verander het omdat daar weer in 2010 amnestieprogramme was.

### 3. 6 Opsomming van die lande se amnestieprogramme

Die onderstaande tabel is 'n opsomming van die lande se amnestieprogramme. Die opsomming verwys na die amnestie-beginsel wat die lande gebruik sowel as inkomste wat ontvang is vanaf die programme. Die amnestie tipe is gegrond op die uitleg van die onderskei amnestieprogramme.

Tabel 7 Opsomming van die buitelandse amnestieprogramme:

<b>Lande</b>	<b>Amnestie tipe</b>	<b>Opsomming</b>	<b>Inkomste wat ontvang is</b>
Ierland	Eenmalige amnestie	Die eerste amnestie van 1988 was so suksesvol dat dit beskryf is as die suksesvolste amnestieprogram tot op datum (Uchitelle, 1989:50).  Die tweede algemene belastingamnestieprogram het egter die helfte minder inkomste ingevorder.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1988-amnestieprogram: \$750 miljoen (£500 miljoen) (Uchitelle, 1988:11).</li> <li>• 1993-amnestieprogram: £260 miljoen. (Revenue Commissioners, 2010:3).</li> </ul>

Kanada	Permanente amnestie	Kanada maak gebruik van 'n permanente amnestieprogram (Kiev, 2003:2).	Vir die tydperk 2003/2004: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Toename in belasting inkomste was \$459,4 miljoen.</li> <li>• \$68,9 miljoen is ontvang deur rentes en boetes. Hierdie inkomste is ontvang vanaf belastingpligtiges wat vervolg is weens belastingontduiking. (Bernie, 2004:34:2).</li> </ul>
Verenigde Koninkryk	Eenmalige amnestie	<p>Buitelandse Openbaarmakings Geleentheid van 2007 het belastingpligtiges die geleentheid gebied om hulle buitelandse inkomste te verklaar.</p> <p>Nuwe Openbaarmakings geleentheid van 2009 het weer belastingpligtiges die geleentheid gebied om hulle buitelandse fondse te verklaar sowel as die inkomste vanaf die fondse.</p> <p>Die Verenigde Koninkryk se amnestieprogramme vrywaar nie die belastingpligtige teen vervolging nie.</p>	Die HRMC het sowat £400 miljoen ontvang vanaf die ODF-program wat in 2007 geloods is (KPMG, 2007:1).



Australië	Eenmalige amnestie	<p>Die 1988 belastingamnestie was ingestel om belastingpligtiges die geleentheid te bied om hulle belastingsake in orde te kry.</p> <p>Die 2007 amnestie is ingestel om belastingpligtiges die geleentheid te bied om hulle buitelandse inkomste te verklaar aan die belastingowerheid.</p>	AUD306 miljoen is ontvang deur die ATO vir die 2007-amnestieprogram (D'Ascenzo, 2009).
-----------	--------------------	---	--

### 3. 7 Gevolgtrekking

Uit die ervarings van die verskillende lande aangaande belastingamnestie kan daar 'n voorspelling gemaak word oor die sukses van die aangekondigde amnestieprogram van Suid-Afrika. Tabel 7 toon dat die lande se resultate gunstig was as daar na die inkomste wat ontvang is verwys word.

Twee lande het egter uitgestaan in die studie, naamlik Ierland en Kanada. Killian en Kolitz (2005:254) het bepaal dat daar 'n verwantskap bestaan tussen Ierland en Suid-Afrika se manier van die hantering van belastingontduiking. Ierland se ervarings is 'n maatstaf om te bepaal of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees. Ierland se 1993 amnestieprogram het minder inkomste genereer maar was steeds suksesvol gewees. Dit was moontlik weens eksterne faktore wat 'n rol gespeel het, wat veroorsaak het dat die program minder suksesvol was. Die gevolgtrekking word verder bespreek in hoofstuk 6.3.1.

1. Eenmalige amnestie (One-Shot amnesty): Die amnestie tipe is 'n eenmalige geleentheid wat nie herhaal gaan word nie. Die voorwaardes van die amnestieprogram is normaalweg aanloklik vir belastingpligtiges om na vore te tree om hulle belastingsake in orde te kry. Die lande wat aan hierdie definisie voldoen is in tabel 7 aangetoon.
2. Permanente amnestie: Permanente amnesties maak dit moontlik om inkomstes wat in die verlede ontvang is, maar nie verklaar is nie, enige tyd te kan verklaar.

Kanada werk op die beginsel van permanente amnestie wat moontlik tot voordeel vir Suid-Afrika kan wees as daar na so stelsel oorbeweeg word. Kanada het sukses met die program ervaar deur na tabel 6 te verwys. 'n Permanente amnestieprogram bied die volgende voordele aan Suid-Afrika:

- daar is geen rentes, boetes of enige vervolging wat betrokke is by permanente amnestieprogramme nie. Dit maak die amnestieprogram aantreklik vir belastingpligtiges;
- belastingpligtiges kan enige tyd na vore tree om hulle belasting sake in orde te kry;
- uitstaande belasting moet steeds deur belastingpligtiges betaal word, wat beteken dat SAID nie inkomste verloor deur middel van die amnestieprogram nie; en
- 'n permanente amnestieprogram kan die effektiwiteit van 'n belastingstelsel verbeter (Kiev, 2003:2).

Die permanente amnestiebeginsel het egter ook nadele. Die nadele verbonde aan belastingamnestieprogramme word in hoofstuk vier bespreek. Die twee fases van die strategie is nou afgehandel, maar voordat daar 'n voorspelling gemaak kan word oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram moet daar eers na die regverdigheid van die amnestieprogram verwys word. Die volgende hoofstuk ontleed die regverdigheid van die Vrywillige Blootleggingsprogram.

## HOOFSTUK 4

### REGVERDIGHEID VAN DIE BELASTINGAMNESTIEPROGRAMME

#### 4.1. Inleiding

Regverdigheid is 'n belangrike faktor in 'n belastingamnestieprogram omdat belastingpligtiges nie van die amnestie gaan gebruik maak as dit onregverdig is nie, maar die belastingamnestieprogram moet vir getroue belastingpligtiges sowel as die belastingpligtiges wat gebruik maak van die amnestie regverdig wees. In hierdie hoofstuk gaan die siening rondom belastingamnestie bepaal word deur na albei die partye se kante te verwys. (Sekondêre doelwit hoofstuk 1.5) Die redes waarom belastingowerhede van belastingamnestieprogramme gebruik maak, word ook ondersoek.

#### 4.2. Bespreking van regverdigheid

Daar bestaan al jare lank etiese kwessies oor die betaling van belasting. 'n Voorbeeld hiervan is te vinde in die Bybel waar daar die volgende strikvraag aan Jesus gestel is in Lukas 20:22: "Is dit korrek dat ons aan die keiser belasting betaal of is dit nie?" Jesus se antwoord op hierdie vraag is te vinde in Lukas 20:25 en is soos volg: "gee dan aan die keiser wat die keiser s'n is en aan God wat God s'n is" (Bybel, 1995). Hierdie stuk uit die Bybel toon dat daar al eeue lank 'n etiese kwessie bestaan oor die betaling van belasting.

In 1776 het Adam Smith die volgende kriteria ontwikkel waarvolgens 'n belastingsisteam beoordeel word, naamlik (Quinn, 2002:3):

- regverdigheid;
- sekerheid;
- gerieflikheid; en
- koste van administrasie

Smith se regverdigheidsbeginsel bepaal dat inwoners wat dieselfde inkomste verdien dieselfde belasting moet betaal. Persone wat progressief meer inkomste verdien, moet meer belasting betaal as die persone wat minder inkomste verdien.

In Suid-Afrika word belastingpligtiges wetlik verplig om belasting te betaal volgens die Inkomstebelastingwet. Belastingpligtiges wat dus versuim om belasting te betaal, oortree die wet wat kan lei tot kriminele vervolging. Belastingontduiking verwys na onwettige aktiwiteite wat opsetlik deur 'n belastingpligtige onderneem word om homself van 'n belastinglas te verlos. Belastingontduiking is 'n misdryf en is ingevolge artikel 75 en 76 van die Inkomstebelastingwet onderhewig aan swaar boetes (Stiglingh *et al.*, 2009:695).

Persone wat belasting ontduik maak hulle skuldig aan 'n misdryf. 'n Persoon kan 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar opgelê word soos artikel 104 van die Inkomstebelastingwet, bepaal. Addisionele belasting kan ook gehef word wat tot dubbeld die uitstaande belasting beloop soos deur artikel 76 bepaal (SA, 1962:222). Menigte belastingpligtiges is al vervolgt sowel as gestraf omrede hulle belastingontduik het. Waar belastingontduikers wat nog nie uitgevang is nie, anders behandel word as gevolg van amnestie is dit onregverdig teenoor belastingpligtiges wat reeds uitgevang is. Deur net een party te bevoordeel maak dit onregverdig. Almal moet voordeel trek as gevolg van 'n belastingamnestie.

Belastingowerhede kom belastingpligtiges egter tegemoet deur belastingamnestieprogramme. Om die woord amnestie beter te begryp moet daar verwys word na die verklaring van die woord soos in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT). Die verklaring is soos volg: algemene kwytskelding van straf of vervolging (Odendal, 1994:42). Die verduideliking verwys dat daar 'n oortreding van 'n wet of reël plaasvind, waarna so 'n persoon amnestie verkry wat beteken dat die persoon kwytgeskeld word van rentes, boetes en enige vervolging. Om die verduideliking van die HAT toepaslik te maak op belastingamnestie sal dit soos volg lei: die kwytskelding van rente, boetes of vervolging weens die versuim om belasting te betaal volgens die Inkomstebelastingwet.

Belastingamnestieprogramme bied dus dikwels aan belastingpligtiges geleentheid om hulle belastingsake in orde te kry en in die belastingnet in te kom sonder boetes, rente of enige vervolging. Belastingamnestieprogramme is 'n kontroversiële onderwerp omdat daar verskeie

argumente oor die nodigheid daarvan bestaan. Tabel 8 gee verskeie argumente vir en teen belastingamnestie.

**Tabel 8. Die verskillende argumente vir en teen belastingamnestie (Luitel & Sobel, 2005:19)**

<b>Argumente ten gunste van belastingamnestie</b>	<b>Argumente teen belastingamnestie</b>
Niemand verloor nie en die staat verhoog sy ontvangbare inkomste.	Ondermyn belastingpligtiges se belastingmoraal omdat belastingontduikers in die belastingnet inkom sonder enige vervolging.
Bring inwoners wat belasting ontduik terug in die belastingnet.	Die aksies wat teen belastingontduikers ingestel word, is te sag
Neem die skuldgevoel van belastingontduikers weg.	Die skuldgevoel rondom belastingontduiking word verwyder. Maak getroue belastingpligtiges ongelukkig.
Belastingamnestie is 'n gulde geleentheid vir ongeregistreerde belastingpligtiges en belastingontduikers om hulle belasting sake in orde te kry voordat belastingmaatreëls en boetes verskerp word.	Individue word bewus gemaak van buitensporige getalle van inwoners wat belasting ontduik. Wat die risiko tot gevolg kan hê dat getroue belastingpligtiges gaan probeer om belasting te ontduik.
Boodskap word uitgestuur dat belastingowerhede die probleem van belastingontduiking aanspreek.	Die boodskap word uitgestuur dat die owerheid nie die vermoë het om die belastingwet te kan afdwing nie.
Vergroot die belastingbasis omrede meer belastingpligtiges in die belastingnet inkom.	Belastingpligtiges verwag opvolgamnesties wat 'n negatiewe effek het op belastingnakoming sowel as op die belastingbasis.
Genereer beide kort- en lang-termyn inkomstes vir die regering.	Ervaring dui aan dat amnestieprogramme minder inkomste genereer as wat verwag is.

Verlaag administratiewe koste in verband met belastinginvordering.	Die verskuldigde inkomste kon deur middel van normale prosedures ingevorder word.
Verhoog belastingnakoming omrede belastingpligtiges wat nie vantevore in die belastingnet was nie se inligting gemonitor kan word.	

Die tabel toon die twee uiteenlopende gevolge van belastingamnestie, naamlik die belastingpligtiges wat gebruik maak van die amnestieprogramme en getroue belastingpligtiges wat belasting betaal soos dit wetlik verplig word. Om die regverdigheid te bepaal van die aangekondigde amnestieprogram moet daar aandag geskenk word aan albei partye se kante.

### **4.3. Ten gunste van belastingamnestieprogramme**

Belastingpligtiges wat uitstaande belasting het of wat belasting ontduik loop die risiko om vervolgt te word. Daar is in hoofstuk 4.2 verwys na die gevolge wanneer 'n belastingpligtige skuldig bevind is aan belastingontduiking. 'n Studie wat deur Leonard en Zeckhauser (1986:22) gedoen is, bewys dat daar belastingpligtiges is wat onwetend belasting ontduik. Hierdie belastingpligtiges wil hulle belastingsake in orde kry maar sonder vervolging, boetes of rente.

Deur middel van 'n belastingamnestieprogram kom SAID belastingpligtiges tegemoet deurdat daar geen rente, boetes of vervolging is nie. Belastingamnestieprogramme bied 'n geleentheid aan belastingontduikers om wettige belastingpligtiges te word (Feld & Frey, 2009:21).

Daar is 'n studie deur Mello-e-Souza gedoen oor opeenvolgende amnesties en wat die uitwerking daarvan is. Mello-e-Souza (2006:1) se siening behels dat belastingowerhede en belastingpligtiges verskil in opinie of daar belastingontduiking plaasgevind het of nie. Mello-e-Souza het bevind dat belastingamnestie deur belastingpligtiges gesien word as 'n metode wat belastingowerhede gebruik om meningsverskille op te los.

Belastingamnestieprogramme bring belastingpligtiges in die belastingsisteem in, wat tot verhoogde belastinginvordering lei. Getroue belastingpligtiges word bevoordeel omdat meer

belastingpligtiges in die belastingstelsel inkom wat tot gevolg het dat belasting wat betaal moet word moontlik kan afneem. Die belasting wat per individu verskuldig is, verminder dus soos meer belastingpligtiges in die belastingnet inkom (Uchitelle, 1989:49).

#### 4.4. Teen belastingamnestieprogramme

Die ander kant van belastingamnestie is dat getroue belastingpligtiges bewus gemaak word, van die feit dat daar belastingontduiking plaasvind (Alm & Beck, 1993). Die aansoeke wat ontvang word as gevolg van belastingamnestieprogramme maak getroue belastingpligtiges bewus van die hoë getalle belastingontduikers wat daar is. Belastingontduikers word beter behandel as getroue belastingpligtiges, omdat hulle teen verlaagde of geen tariewe nie hulle belasting sake in orde kan kry. Belastingontduikers word kwytskeld van rente, boetes of enige vervolging. Getroue belastingpligtiges word dikwels benadeel omdat hulle die wet nakom deur belasting te betaal.

Daar word aangevoer dat die voordeel wat belastingamnestieprogramme vir getroue belastingpligtiges bied die feit is dat meer belastingpligtiges in die belastingnet gaan inkom wat tot gevolg het dat belastingkoerse in die toekoms kan daal (The Forum SA, 2006). Die volgende twee tabelle (tabel 9 en tabel 10) gaan gebruik word om die teendeel te bewys.

**Tabel 9. Geregistreerde belastingpligtiges**

Jare	Individue	Maatskappye	Belastingamnestie tydperk
2003-2004	3 777 005	817 381	Vanaf 1 Mei 2003 tot 31 Oktober 2003,
2004-2005	4 115 293	933 136	-
2005-2006	4 476 261	1 054 969	-
2006-2007	4 764 105	1 218 905	1 Aug. 2006 tot 30 Jun. 2007
2007-2008	5 204 805	1 584 002	-

2008-2009	5 540 646	1 834 009	-
-----------	-----------	-----------	---

(SA, 2009a:6)

**Tabel 10. Maksimale belastingkoerse vir individue en maatskappye**

	Individue	Maatskappye	Belastingamnestie
01 Apr. 2003 tot 31 Mrt. 2004	40%	30%	Wet op Deviesebeheeramnestie 12 van 2003
01 Apr. 2004 tot 31 Mrt. 2005	40%	30%	-
01 Apr. 2005 tot 28 Feb. 2006	40%	29%	-
01 Maart 2006 tot 31 Mrt. 2006	40%	29%	-
01 Apr. 2006 tot 28 Feb. 2007	40%	29%	Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006:
01 Mrt 2007 tot 30 Sep. 2007	40%	29%	Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006:
01 Okt. 2007 tot 31 Mrt. 2008	40%	29%	-
01 Apr. 2008 tot 31 Mrt. 2009	40%	28%	-
1Mrt 2009 tot 31 Mrt. 2010	40%	28%	-

(SA, 2009a:5)

Uit tabel 9 kan daar duidelik afgelei word dat die aantal geregistreerde belastingpligtiges toegeneem het, maar dat die belastingkoerse in tabel 10 toon dat daar geen verandering was



nie. Daar is wel verandering in die belastingkoers vir maatskappye maar nie vir individue nie. Getroue belastingpligtiges ervaar dus geen voordeel uit 'n belastingamnestieprogram nie. The Forum het aangevoer dat amnestieprogramme voordeel inhou vir getroue belastingpligtiges omrede meer belastingpligtiges in die belastingstelsel inkom waarna koerse kan verlaag. Die bostaande tabelle toon dat koerse dieselde gebly het, sodoende kan die afleiding gemaak word dat dit onregverdig is vir getroue belastingpligtiges. Belastingontduikers ontvang die voordele: geen rentes, boetes of vervolging.

Die volgende inligting dui op die negatiewe uitwerking wat belastingamnestie tot gevolg het:

- Alm, Mckee en Beck (1990:34) se studie toon dat belastingpligtiges opvolg-amnestieprogramme verwag al het die belastingowerheid bevestig dat daar nie weer 'n geleentheid sal wees nie; en
- deur belastingamnestie stuur die belastingowerheid die boodskap uit dat dit aanvaarbaar is om belasting te vermy (Leonard & Zeckhauser, 1986:22) en dat die belastingowerheid nie die wette kan afdwing nie (Uchitelle, 1989:49).

Alm, Beck en Mckee (1990:34) het die volgende konklusie bereik na afloop van hulle studie:

- die algehele belastingnakoming daal na 'n belastingamnestie; en
- wanneer belastingpligtiges nog amnestieprogramme verwag daal die belastingnakoming.

'n Probleem aspek waaraan die owerheid aandag moet gee is die aspek van belastingnakoming, want as alle Suid-Afrikaanse inwoners belasting betaal het, sou dit nie nodig gewees het vir belastingamnestie nie. Die volgende drie aspekte beïnvloed die vertroue van inwoners (Fjeldstad, 2006:6):

- vertroue in die regering om inkomste aan te wend sodat nodige dienste verskaf kan word. 'n Skripsie deur Biehl wat gehandel het oor basiese dienslewering het getoon dat Suid-Afrika meer van die private sektor gebruik om basiese dienste te lewer (Biehl, 2004:18). Dit toon dat die regering nie die vermoë het om basiese dienste te lewer nie;

- vertroue in die owerheid om regverdige prosedures daar te stel in verband met inkomste-insameling en distribusie van die inkomste; en
- die vertroue in mede-inwoners om hulle belasting te betaal. Volgens 'n artikel wat deur Beric Croome geskryf is, is daar bevind dat sowat 12,8 miljoen Suid-Afrikaners inkomste verdien maar glad nie op die rekords van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens is nie. Die inkomste wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens gegenereer kan word vanaf die ongeregistreerde inwoners is tussen R1 miljoen en R1,8 miljoen (Croome, 2006:22).

Die afleiding wat gemaak kan word aangaande die bovermelde inligting is dat Suid-Afrikaanse inwoners nie volkome vertroue in die regering het nie. Die afleiding weens die volgende aangeleenthede (Cummings *et al.*, 2005:11):

- die onvermoë van die regering om noodsaaklike dienste te verskaf waarvoor belastingpligtiges betaal
- die onvermoë van die regering om regverdige prosedures daar te stel vir die insameling sowel as die verdeling van die inkomste.
- die gebrek aan vertroue dat mede-inwoners belasting betaal

Die rede vir die wantroue het 'n direkte verband met belastingnakoming wat lei tot belastingontduiking in Suid-Afrika. Belasting is die prys wat betaal word vir regeringsdienste en belastingpligtiges is sensitief oor hoe die regering die belastinginkomste aanwend. Om die rede is die verhouding tussen die regering en belastingpligtiges nie net 'n dwang verhouding nie maar ook 'n ruilverhouding (Cummings *et al.*, 2005:11)

#### **4.5. Redes waarom die Nasionale Tesourie gebruik maak van belastingamnestieprogramme**

Belastingowerhede is in 'n konstante stryd om belasting in te vorder vanaf belastingpligtiges. Suid-Afrika maak gebruik van selfaanslag (hoofstuk 1.2) as verantwoording vir belasting. Die

probleem met die beginsel is dat belastingowerhede moet staatmaak op die belastingpligtige se eerlikheid. Dit maak dit ingewikkeld om kontrole uit te oefen oor die waarheid en akkuraatheid van die inligting en opgawes wat belastingpligtiges verskaf. Belastingamnestie is 'n meganisme wat deur die belastingowerhede gebruik word om hierdie probleem op te los (Coyle *et al.*, 2009:52).

'n Bydraende faktor tot belastingontduiking is dat belastingadviseurs kliënte se belasting sake so reguleer dat daar minder of geen belasting deur hulle kliënt verskuldig is nie. Adviseurs maak gebruik van leemtes in die inkomstebelastingwet. Die adviseurs gebruik dan daardie leemtes totdat SAID die wetgewing wysig sodat daar meer duidelikheid in verband met die wet is. Daarna gebruik adviseurs 'n volgende leemte om die belastingaanspreeklikheid te verlaag. Hierdie is 'n groter manipulerings van die wet as belastingontduiking (Braithwaite & Braithwaite, 2004:3). Dit maak dit onregverdig teenoor belastingpligtiges wat of nie van 'n adviseurs gebruik maak nie of wie se adviseur nie gebruik maak van die leemtes nie omdat die adviseur voel dis eties verkeerd.

Die redes waarom belastingamnestieprogramme geloods word, is om die belastingbasis sowel as die inkomste-invordering te vergroot (Uchitelle, 1989:49) (SA, 2010b:4). Menigte lande maak gebruik van amnestieprogramme om belastingontduiking op te los. (Quinn, 2002:4) Die negatiewe aspekte verbonde daaraan is dat belastingpligtiges wat gebruik maak van die programme in sommige programme bevoordeel word bo getroue belastingpligtiges. Dit ontstaan omdat uitstaande belasting skuld kwytgeskeld word of teen verlaagde tariewe gehef word.

#### **4.6. Gevolgtrekking**

Die doelwit met die hoofstuk was om te bepaal of belastingamnestieprogramme regverdig is vir alle belastingpligtiges soos in hoofstuk 4.1 uiteengesit is. Die inligting het bepaal dat belastingamnestieprogramme regverdig is vir belastingpligtiges wat gebruik maak van die programme. Omrede daar geen rentes, boetes of vervolging gepaard gaan met belastingamnestieprogramme nie.

Dieselfde geld egter nie vir die getroue belastingpligtiges nie. In punt 4.3 is daar bepaal dat getroue belastingpligtiges die voordeel het dat koerse verlaag word omrede daar meer

belastingpligtiges in die belastingsisteem is. Tabel 10 toon egter dat belastingkoerse vir individue in Suid-Afrika onveranderd gebly het. Dus is daar geen voordeel wat deur getroue belastingpligtiges ontvang word nie. In 'n Internetpublikasie word die stelling gemaak dat belastingamnestieprogramme getroue belastingpligtiges kan bevoordeel deurdat meer belastingpligtiges in die belastingnet inkom wat die resultaat kan hê dat belastingtariewe kan daal (The Forum SA, 2009). Tabel 9 en tabel 10 (hoofstuk 4.4) toon dat die getalle belastingpligtiges toeneem het, maar dat belastingkoerse dieselfde gebly het. Belastingamnestieprogramme is dus onregverdig teenoor getroue belastingpligtiges.

Die volgende hoofstuk ontleed die Vrywillige Blootleggingsprogram deur die bevindinge van hoofstuk twee en drie wat gebruik gaan word om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram. Die uiteensetting van die Vrywillige Blootleggingsprogram gaan ook in die volgende hoofstuk gedoen word.

## HOOFSTUK 5

### ONTLEDING VAN DIE VRYWILLIGE BLOOTLEGGINGSPROGRAM

#### 5.1 Inleiding

Die probleem wat aangespreek word deur die studie is of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees of nie. (hoofstuk1.4) (Die hoofdoelwit (hoofstuk 1.5)) In hierdie hoofstuk word gekyk na die bepalings van die nuutste program, wie daarvoor sal kwalifiseer, en die bedrae van belastings, boetes en rentes betaalbaar. (Sekondêre doelwit (v), hoofstuk 1.5).

#### 5.2 Inhoud van die Vrywillige Blootleggingsprogram:

Die Minister van Finansies Gordan (2010:15) het aangekondig dat daar in November 2010 'n geleentheid sal wees vir belastingamnestie deur middel van die Vrywillige Blootleggingsprogram. Die aankondiging is gemaak in die 2010-begroting wat voorgelê is aan die Parlement. Hierdie amnestie skenk aan burgers wat tans nie hulle belastingverpligtinge nagekom het of betaal het nie, die geleentheid om die kwessie reg te stel in 'n tydperk van 12 maande (Gordan, 2010:15). Die tydperk strek vanaf 1 November 2010 tot en met 31 Oktober 2011(SA, 2010b:i). In lyn met die groter internasionale samewerking oor die wegdoening van geheimhouding en verhoogde optrede teen geldwassery sal die Vrywillige Blootleggingsprogram ook aan belastingpligtiges die geleentheid gun om buitelandse bates te openbaar. (SA, 2010b:i)

##### 5.2.1 *Persone wat kwalifiseer (SA, 2010a:4)*

Artikel 3 (1) van die Vrywillige Blootleggingsprogram bepaal dat enige persone wat uitstaande belasting verskuldig is aan SAID van die Vrywillige Blootleggingsprogram gebruik kan maak. Belastingpligtiges wat gebruik maak van die Vrywillige

Blootleggingsprogram het versuim om belasting aan SAID te betaal. Die verskuldigde belasting het ontstaan weens (SA, 2010b:7):

- onakkurate of onvolledige inligting wat aan SAID verskaf is;
- versuim om informasie aan SAID te openbaar; en
- foutiewe aannames wat aan die SAID verskaf word oor 'n inwoner se belastingaanspreeklikheid.

En waar so indiening, nie-indiening of aannames die volgende resultaat gehad het: (SA, 2010b:7):

- die belastingpligtiges nie op die korrekte bedrag aangeslaan nie;
- die korrekte bedrag belasting nie aan SAID betaal nie; of
- SAID moes fondse terugbetaal het aan die belastingpligtige.

Persone wie se belastingsake geoudit of ondersoek word kwalifiseer nie vir die Vrywillige Blootleggingsprogram nie. SAID kan egter onder sekere omstandighede 'n persoon toelaat om van die Vrywillige Blootleggingsprogram gebruik te maak, maar die besluit berus by die Kommissaris (SA, 2010a:3).

Artikel 3 (2) vervat egter die uitsondering:

Die Kommissaris kan 'n persoon aansoek laat doen vir die Vrywillige Blootleggingsprogram ten spyte van artikel 3 (1) (SA, 2010a:4) indien:

- die versuiming waarvoor 'n persoon beoog om aansoek te doen, nie deur 'n oudit of ondersoek opgespoor sou kon word nie, en
- Waar die aansoek in die beste belang van goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste aanwending van die Kommissaris se fondse is.

### 5.2.2 Doel met die Vrywillige Blootleggingsprogram (SA, 2010b:4)

Die doel van die Vrywillige Blootleggingsprogram is om:

- die belastingbasis van belastingpligtiges te vergroot;
- die kultuur van belastingnakoming te verbeter;
- belastingpligtiges die geleentheid te bied om hulle deviesebeheersake in orde te kry. Om aan SAID en SARB gedetailleerde informasie te verskaf aangaande buitelandse bates of skemas; en
- die inkomste-invorderingsbasis te vergroot.

### 5.2.3 Voordele verbonde aan die Vrywillige Blootleggingsprogram (*artikel 6 van Vrywillige Blootleggingsprogram*) (SA, 2010a:4):

- waar 'n belastingpligtige suksesvol is met sy aansoek, word daardie belastingpligtige vrygestel van kriminele vervolging wat ontstaan weens die oortreding van die wet;
- belastingpligtiges wie se aansoek suksesvol is, ontvang 'n 100% vrystelling van boetes en ander addisionele belasting wat andersins gehef sou word as die belastingpligtige nie van die amnestieprogram gebruik gemaak het nie;
- kwalifiserende belastingpligtiges ontvang 'n 100% vrystelling van rente wat normaalweg verskuldig sou wees aan SAID. 'n Verdere vergunning deur SAID is aan belastingpligtiges wat onderhewig is aan 'n oudit of 'n ondersoek gemaak. Slegs 50% van die volle rente sal gehef word.

Belastingpligtiges is steeds aanspreeklik vir uitstaande belasting wat aan SAID verskuldig is. Om die rede kwalifiseer die program as 'n Vrywillige Blootleggingsprogram in plaas van 'n belastingamnestie. 'n Belastingamnestie stel die belastingpligtige vry van uitstaande belastingskuld. (Croome, 2010:3)

#### 5.2.4 *Vereistes vir 'n geldige Vrywillige Blootleggingsprogram aansoek (artikel 4)*

(SA, 2010a:3)

Die vereistes vir 'n geldige aansoek is soos volg:

- dit moet 'n vrywillige blootlegging wees;
- daar moes 'n versuim gewees het;
- inligting in verband met die verskuldigde belastingbedrag moet volledig wees;
- die Vrywillige Blootleggingsprogram se aansoek kan moontlik tot gevolg hê dat daar aansoek gedoen moet word vir kwytstelling van boetes of addisionele belasting weens die versuim.
- die resultaat van die versuim mag nie tot gevolg hê dat die kommissaris 'n terugbetaling moet maak aan die belastingpligtige nie;
- die aansoek moet deur middel van 'n aansoekvorm geskied;
- die aansoek moet gedoen word binne die voorgeskrewe periode soos deur die Kommissaris deur middel van 'n kennisgewing in die Gazette vervat is; en
- die belastingversuim moes voor 17 Februarie 2010 plaasgevind het.
- Die amnestie periode strek vanaf 1 November 2010 tot 31 Oktober 2011

#### 5.2.5 *Valutabeheer*

Die Vrywillige Blootleggingsprogram bestaan uit twee gedeeltes. Die eerste gedeelte het belastingpligtiges die geleentheid gebied om hulle belastingsake in orde te kry. Die tweede gedeelte bied inwoners die geleentheid om hulle deviesebeheersake in orde te kry (SA, 2010b:i). Belastingpligtiges wat nie van die Wet op Deviesebeheeramnestie gebruik gemaak het nie, word dus weer die geleentheid gebied om hulle belastingsake in orde te kry. Die omvang van hierdie skripsie is egter sodanig dat die Deviesebeheeramnestie nie direk aangepreek word nie.



### **5.3 Die voordele en nadele aangaande die Vrywillige Blootleggingsprogram**

#### *5.3.1 Voordele*

Die Vrywillige Blootleggingsprogram is beskikbaar aan enige Suid-Afrikaanse inwoner wat aan SAID belasting verskuldig is (SA, 2010a:4). Die Vrywillige Blootleggingsprogram bied 'n geleentheid aan belastingpligtiges wat nie gebruik gemaak het van die vorige amnestieprogramme nie om na vore te tree en hulle belastingsake in orde te kry. Die verskuldigde belasting word egter nie kwytgeskeld deur die program nie maar die rente, boetes en moontlike vervolging word vrygestel.

Met die huidige finansiële krisis wat heers moet belastingowerhede verskuldigde belasting invorder. Die probleem waarmee belastingowerhede gekonfronteer word, is om belasting in te vorder vanaf inwoners wat buitelandse fondse besit. Hierdie fondse word hoofsaaklik in buitelandse banke geberg in lande wat sogenaamde belastingparadise is. Die Organisasie van Ekonomiese Ko-operasie en Ontwikkeling (Organization for Economic Cooperation and Development (OECD)) het 'n program geloods, naamlik die Deursigtigheid en Uitruil van Informasie vir Belastingdoeleindes (Transparency and Exchange of Information for Tax Purposes) (OECD, 2010:22). Die program maak dit moontlik om belastinginformatie tussen OECD-lande uit te ruil, wat belastinginvordering vergemaklik. Die OECD-program bevorder handel tussen OECD-lande, omdat inligting uitgeruil word wat belastinginvordering tussen lande vergemaklik. Lande wat belastingparadise is, word verplig om deel te vorm van die OECD-lande. Die lande wat deel vorm van die OECD dryf eerder met mekaar handel omdat belasting ingevorder kan word as gevolg van die Deursigtigheid en Uitruil van Informasie vir Belastingdoeleindes program. (OECD, 2010:22)

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het hulle eie verskerpte maatreëls ingestel deur 'n ooreenkoms in 2009 met die Suid-Afrikaanse Reserwebank te onderteken waarin hulle toestem om:

- die vlak van belastingnakoming te verhoog; en
- belastingontduiking te ontmoedig.

SAID is besig om die onduidelikhede in die wette te verwyder wat dit moontlik maak dat belastingontduikers vasgetrek kan word. Die Vrywillige Blootleggingsprogram is 'n geleentheid wat aan inwoners gebied word wat:

- belasting aan SAID verskuldig is;
- belasting ontduik het;
- onverklaarde fondse het wat nie aan SAID geopenbaar is nie; en
- onakkurate inligting sowel as onvolledige inligting aan SAID verskaf het.

SAID bied die Vrywillige Blootleggingsprogram aan inwoners sodat belastingpligtiges hulle belastingsake in orde kan kry voordat SAID 'n oudit of ondersoek instel teen die belastingpligtige wat tot moontlike rentes, boetes en vervolging kan lei.

### 5.3.2 *Nadele*

Suid-Afrika werk op die beginsel van eenmalige amnestie. Eenmalige amnestie bied belastingpligtiges die geleentheid om tydens 'n voorafbepaalde periode hulle belastingsake in orde te kry. In teorie is "one-shot amnesty" met verlaagde tariewe aantreklik vir belastingpligtiges om na vore te tree en in die belastingnet in te kom. Die belastingbasis vergroot omdat die amnestie aantreklik is. Die nadeel van so 'n amnestieprogram is dat belastingpligtiges 'n opvolg-amnestieprogram verwag wat lei tot 'n verlaging van belastingnakoming (Kiev, 2003:2).

Suid-Afrika het 'n gemeenskaplike doelwit wat teenwoordig is in al vier van die amnestieprogramme, naamlik: om die belastingbasis te vergroot. Die volgende navorsing toon die uitwerking wat belastingamnestieprogramme op die belastingbasis tot gevolg kan hê:

- Alm, McKee en Beck (1990:34) bevind dat belastingnakoming na 'n belastingamnestie afneem; en
- Das-Gupta en Mookherjee (1995:20) het navorsing gedoen oor belastingamnestieprogramme wat plaasgevind het in Indië. Hulle gevolgtrekking na die studie is dat daar geen bewyse bestaan dat belastingamnestieprogramme belastingontduikers terugbring in die belastingsisteem in nie.

'n Afleiding wat gemaak kan word vanuit die bostaande studies is dat belastingamnestieprogramme die teenoorgestelde effek kan hê, naamlik dat die belastingbasis kan verminder in plaas van om te vergroot. Suid-Afrikaanse inwoners kan moontlik uit die belastingnet probeer kom waarna hulle weer op 'n latere stadium sal terugkeer deur middel van 'n toekomstige belastingamnestieprogram.

Die Wet op Belastingamnestie, die Wet op Deviesebeheeramnestie en die Vrywillige Blootleggingsprogram het die gemeenskaplike doelwit, naamlik om die inkomste se invorderingsbasis te vergroot. Daar is egter bewys dat belastingamnestieprogramme inkomste vermeerder tydens die amnestie-periode, maar daarna word die inkomste negatief geaffekteer (Luitel & Sobel, 2005:37).

#### **5.4 Bespreking van die Vrywillige Blootleggingsprogram**

'n Belastingpligtige wat gebruik maak van die Vrywillige Blootleggingsprogram moet steeds die uitstaande belastingskuld aan SAID betaal. Die vorige amnestieprogramme het uitstaande belastingskuld kwytskeld of teen 'n verlaagde koers gehef. Die Vrywillige Blootleggingsprogram is nie so aantreklik soos die vorige drie amnestieprogramme nie. 'n Probleem wat dit mag veroorsaak is dat belastingpligtiges nie gaan gebruik maak van die belastingamnestieprogram nie omdat dit nie aantreklik is nie. As die Vrywillige Blootleggingsprogram uitstaande belastingskuld vrygestel het of teen laer koerse hef, kon dit meer belastingpligtiges oortuig het om na vore te tree en om sodoende meer belastingpligtiges in die belastingstelsel in te bring.

Die moontlike rede waarom die Vrywillige Blootleggingsprogram anders geformuleer is, kan wees dat SAID die boodskap wil uitstuur dat belastingontduiking nie aanvaarbaar is nie. 'n Studie deur Leonard en Zeckhauser (1986:22) het egter bevind dat belastingamnestieprogramme die boodskap uitstuur dat dit aanvaarbaar is om belasting te ontduik. Dit is 'n kontrasterende boodskap wat deur SAID uitgestuur word omdat die boodskap duidelik moet wees dat belastingontduiking nie geduld sal word nie en dat inwoners wat hulle daaraan blootstel vervolgt sal word.

Die Vrywillige Blootleggingsprogram kan egter die belastingnakoming laat verminder, want getroue belastingpligtiges word benadeel omdat belastingontduikers in die belastingstelsel inkom sonder enige rente, boetes of vervolging. Die Vrywillige Blootleggingsprogram kan moontlik die volgende probleme meebring:

- getroue belastingpligtiges word in kennis gestel dat daar belastingpligtiges is wat belasting ontduik, wat die probleem kan veroorsaak dat getroue belastingpligtiges uit die belastingnet wil kom waarna hulle op 'n latere stadium sal terugkeer;
- belastingpligtiges verwag opvolg amnestieprogramme.

Honiball (2010:16)) het die volgende redes aangevoer waarom die Vrywillige Blootleggingsprogram moontlik gaan misluk:

- belastingpligtiges word verplig om 'n ooreenkoms met SAID op tegniese interpretasies aan te gaan;
- deviesebeheerinsigting word tussen SAID en die SARB uitgeruil;
- belastingkoste sowel as heffings kan belastingpligtiges afskrik;
- die Vrywillige Blootleggingsprogram behels dat geen boetes gehef sal word vir belastingpligtiges wat van die amnestie gebruik maak nie; en
- belastingamnestie is net beskikbaar aan belastingpligtiges. Geen belastingamnestie vir die volgende nie: adviseurs, trustees en ander fidusiêre. Praktiek se interpretasie by trusts en ander fidusiêre verskil soms van hoe die SAID dit interpreteer. Vorige amnestieprogramme het voorsiening gemaak dat die bogenoemde van die amnestie gebruik kon maak.

## **5.5 Gevolgtrekking**

Die hoofstuk het uitgelig dat die Vrywillige Blootleggingsprogram anders as die vorige belastingamnestieprogramme geformuleer is. Vorige amnestieprogramme het die belasting kwytskeld of teen verlaagde tariewe gehef, maar met die Vrywillige Blootleggingsprogram moet uitstaande belasting steeds betaal word teen normale tariewe. Die aangeleentheid het 'n direkte invloed op die sukses van die amnestieprogram omdat die Vrywillige Blootleggingsprogram minder aantreklik is vir belastingpligtiges.

In die volgende hoofstuk gaan die bevinding saam met die ander hoofstukke se bevindinge gebruik word om 'n mening uit te spreek of die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees al dan nie.

## **HOOFSTUK 6**

### **Samevatting en gevolgtrekking**

#### **6.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word inligting van die vorige hoofstukke saamgevat om 'n mening aangaande die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram uit te spreek. (Sekondêre doelwit hoofstuk 1.5) Die inligting verwys na sukses van vorige amnestieprogramme in Suid-Afrika sowel as ander lande se amnestieprogramme. Aangeleenthede wat in ag geneem word met die bepaling van die program se sukses is die bevindinge aangaande regverdigheid sowel as die uiteensetting van die amnestieprogram.

#### **6.2 Amnestieprogramme wat reeds in Suid-Afrika geïmplementeer is**

In hoofstuk twee is die vorige Suid-Afrikaanse amnestiewette ontleed. Suid-Afrika het drie amnestiewette tot op datum gehad, naamlik: die Wet op Belastingamnestie, 19 van 1995, die Wet op Deviesebeheeramnestie, 12 van 2003 en die Kleinbesigheidsbelastingamnestie 10 van 2006.

##### *6.2.1 Wet op Belastingamnestie no. 19 van 1995*

Die Wet op Belastingamnestie het die geleentheid aan inwoners gebied om in die belastingsisteem in te kom. Die amnestie het die fundamente gelê vir toekomstige amnestieprogramme wat in Suid-Afrika sou plaasvind. Die aantal aansoeke wat deur SAID ontvang is naamlik die 23 200 aansoeke (Kolitz & Killian, 2004:10) bevestig dat die amnestieprogram se doelwitte bereik is. Die amnestieprogram was die eerste algemene belastingamnestieprogram wat in Suid-Afrika geïmplementeer is. 'n Algemene belastingamnestie is aan enige inwoner beskikbaar en het betrekking op alle belasting.

### *6.2.2 Wet op Deviesebeheeramnestie no. 12 van 2003*

'n Menigte Suid-Afrikaners het buitelandse bates besit waarop daar inkomste verdien is maar wat nie aan SAID geopenbaar is nie. Die Wet op Deviesebeheeramnestie het inwoners die geleentheid gebied om hulle buitelandse bates aan SAID te openbaar. Belastingpligtiges is gevrywaar van rente, boetes en vervolging.

In 2006 se begroting het Manuel (2005:31) bevestig dat daar 42 672 aansoeke ontvang is, waarvan 42 184 goedgekeur is. Die verklaarde bates het sowat R68,6 miljard beloop, waarvan 70% onwettig was. Dit word beraam dat die inkomstebelastingbasis met R1,4 miljard vergroot is, dit kan 'n inkomste van sowat R400 miljoen 'n jaar genereer. Die amnestieproses het inkomstes van R2,9 miljard voortgebring (Mittner, 2006:XII). Coetzee (Du Preez, 2010:3) sowel as Mboweni (SARB, 2006:5) het bevestig dat die Deviesebeheeramnestie 'n sukses was.

### *6.2.3 Kleinbesigheidsbelasting no. 10 van 2006*

Die kleinbesigheidsamnestie het aan kleinsakeondernemings die geleentheid gebied om hulle belasting sake in orde te kry sonder rente, boetes en vervolging. Saam met die amnestieprogram was daar belastingverligting aan klein sakeondernemings gebied omdat SAID die belangrikheid van klein ondernemings erken.

Die Kleinbesigheidsamnestie het 353 388 aansoeke ontvang waarvan 298 814 aansoeke vir die belastingamnestieprogram was. Deur na die aantal aansoeke wat ontvang is te verwys het SAID die belastingkultuur sowel as die belastingbasis van belastingpligtiges vergroot. Dit was twee van die doelwitte waarvoor die Kleinbesigheidbelastingamnestie ingestel was.

Die doelwit met betrekking tot die deelname van die taxi-industrie is bevredig deurdat 22% van die 353 388 aansoeke vanaf dié industrie was. Gordan het in SAID se Annual Report vir 2007/2008 bevestig dat die Kleinbesigheidbelastingamnestie "highly successful" was (SAID, 2008a:5).

#### 6.2.4 Opsomming

Die vorige drie amnestieprogramme het getoon dat belastingamnestieprogramme in Suid-Afrika suksesvol was. Die afleiding wat gemaak kan word vanaf die vorige amnestieprogramme is dat die Vrywillige Blootleggingsprogram moontlik effektief gaan wees.

### 6.3 Amnestieprogramme wat in ander lande geïmplementeer is

In hoofstuk drie is lande soos Australië, Kanada, Ierland en die Verenigde Koninkryk se belastingamnestieprogramme ondersoek. Die gevolgtrekking (hoofstuk 3.7) wat gemaak is, is dat die onderskeie lande se amnestieprogramme suksesvol was, maar dat daar twee lande was wat uitgestaan het in die ondersoek, naamlik Ierland en Kanada (hoofstuk 3.7). Ierland gaan gebruik word om 'n mening oor die effektiwiteit van die Vrywillige Blootleggingsprogram uit te spreek.

Waarom Ierland gebruik word:

- daar bestaan 'n verwantskap tussen Ierland en Suid-Afrika aangaande die manier hoe belastingontduiking aangespreek word (Killian & Kolitz, 2005:254);
- die Vrywillige Blootleggingsprogram is Suid-Afrika se tweede algemene belastingamnestieprogram. Ierland is die enigste land van die lande soos bespreek in hoofstuk 3.3 (Australië, Kanada, Ierland en die Verenigde Koninkryk) wat ook meer as een belastingamnestieprogram het.

Kanada maak gebruik van 'n permanente amnestieprogram wat deurlopend beskikbaar is aan inwoners. Die tipe program kan deur Suid-Afrika oorweeg word omdat dit verskeie voordele inhou soos in paragraaf 3.7, weergegee word.



### 6.3.1 *Ierland*

Ierland het verskeie amnestieprogramme gehad waarvan die eerste belastingamnestie reeds in 1988 plaasgevind het. Die belastingamnestieprogram het die verwagte bedrag van \$50 miljoen oorskry en daar is \$750 miljoen (£500 miljoen) ontvang deur die Sentrale Bank van Ierland (Uchitelle, 1989:50). Die eerste amnestie van 1988 is beskou as die mees suksesvolle amnestieprogram van daardie tyd (Uchitelle, 1989:50). Die 1993-belastingamnestieprogram het £260 miljoen ingebring, dit was aansienlik minder as die £500 miljoen van 1988 (Revenue Commissioners, 2010:3).

Die 1993-belastingamnestie was die tweede algemene belastingamnestieprogram in Ierland. Die Vrywillige Blootleggingsprogram is Suid-Afrika se tweede algemene belastingamnestie. Ierland se tweede algemene amnestieprogram was nie so suksesvol soos die eerste program van 1988 nie. Suid-Afrika kan moontlik met dieselfde probleem gekonfronteer word.

Volgens Kiev (2003:2), wat 'n studie oor belastingamnestie gedoen het, maak Ierland gebruik van Eenmalige amnestie(hoofstuk. 3.6). Die amnestie skep die geleentheid aan belastingpligtiges om hulle belastingsake in orde te kry teen 'n verlaagde koers. Die soort amnestieprogram is aanloklik vir belastingpligtiges met die uitwerking dat die belastingpligtiges na vore tree en hulle belastingsake openbaar. Die nadeel van eenmalig amnestie is dat belastingpligtiges verwag dat daar 'n opvolg amnestie sal wees (Kiev, 2003:2).

Alm, Beck en Mckee (1990:34) het in hulle studie bevind dat belastingnakoming daal wanneer belastingpligtiges opvolg amnestieprogramme verwag. Ierland het tussen die twee algemene amnestieprogramme van 1988 en 1993 vyf ander amnestieprogramme gehad (Luitel, 2005:57). Belastingpligtiges in Ierland maak nie gebruik van belastingamnestieprogramme nie, omdat hulle verwag dat daar weer 'n belastingamnestie geleentheid sal wees. Killian en Koltz (2005:254) het bepaal dat daar 'n verwantskap bestaan tussen Ierland en Suid-Afrika se manier van die wyse waarop die probleem van belastingontduiking aangespreek word. Die afleiding wat gemaak kan

word, is dat belastingpligtiges in Suid-Afrika nie meer gaan ag slaan op belastingamnestieprogramme nie.

### 6.3.2 *Kanada*

Kanada maak gebruik van 'n permanente amnestieprogram. Die amnestieprogram is deurlopend beskikbaar aan belastingpligtiges om hulle belasting sake in orde te kry. Die openbaarmaking geskied teen die normale belastingkoers, dus is daar geen verlaagde koerse met betrekking tot permanente amnestie nie.

Die voordele verbonde aan die permanente amnestieprogram is die volgende:

- die amnestieprogram is deurlopend beskikbaar aan belastingpligtiges om hulle belasting sake in orde te kry;
- die uitstaande belasting word teen die normale koers gehef, so daar ontstaan geen verlies aan inkomste weens uitstaande belasting wat teen verlaagde koerse gehef word nie; en
- permanente amnesties kan die effektiwiteit van belastingstelsels verbeter (Kiev, 2003:2).

### 6.3.3 *Opsomming*

Deur na Ierland se ervaring te verwys kan die voorspelling gemaak word dat die Vrywillige Blootleggingsprogram nie so effektief sal wees soos die vorige belastingamnestieprogramme nie. Die rede vir die aanname is dat die 1993-belastingamnestieprogram beduidend minder aansoeke sowel as inkomste ingesamel het vir die Kommissaris van Inkomste as die 1988-belastingamnestie. Die 1993-amnestieprogram was ook minder aantreklik vir belastingpligtiges omdat daar 'n 15% heffing op verskuldigde belasting gehef was. Die Vrywillige Blootleggingsprogram vereis dat uitstaande belasting skuld betaal moet word, dit maak die program minder aantreklik.

Daar was egter eksterne faktore wat 'n rol gespeel het dat die 1993 amnestie minder effektief was.

Kanada se beginsel van 'n permanente amnestieprogram kan tot voordeel wees vir Suid-Afrika deurdat dit die effektiwiteit van die belastingsisteem kan verbeter. Die Vrywillige Blootleggingsprogram kan moontlik die belastingnakoming van belastingpligtiges verbeter. SAID gaan ook nie inkomste verloor deur belasting kwyd te skeld nie, omdat uitstaande belasting teen normale tariewe gehef word.

## 6.4 Gevolgtrekking

Uchitelle (1989:49) het vereistes neergelê vir 'n suksesvolle belastingamnestieprogram. Die vereistes is soos volg:

- 'n belastingamnestie moet 'n unieke geleentheid wees wat nie herhaal word nie.; en
- die sukses van 'n belastingamnestie word verhoog deurdat daar verskerpte maatreëls ingestel word na afloop van die belastingamnestie.

Die Vrywillige Blootleggingsprogram is Suid-Afrika se vierde belastingamnestieprogram en die tweede algemene belastingamnestie. Die program voldoen dus nie aan die eerste vereiste soos deur Uchitelle neergelê is nie. SAID is egter in 'n voortdurende stryd om wetgewing so te wysig dat belastingontduiking nie kan plaasvind nie. Maatreëls word ook geïmplementeer sodat belastingontduiking voorkom kan word. 'n Voorbeeld hiervan is die ooreenkoms tussen SAID en SARB waarin die twee partye oor die volgende doelwitte ooreengekom het (SA, 2009b:1):

- om die vlak van belastingnakoming te verhoog; en
- om belastingontduiking te ontmoedig.

Die Vrywillige Blootleggingsprogram moet aan albei vereistes voldoen om as 'n suksesvolle belastingamnestieprogram te kwalifiseer. Luitel en Sobel (2005:16) het in hul studie bevind dat menigte belastingamnestieprogramme die belastingnakoming negatief beïnvloed en dat die

inkomste wat ontvang is na die eerste amnestie afneem met elke daaropvolgende amnestie. Hulle beveel aan dat belastingowerhede die lootsing van belastingamnestieprogramme op 'n gereelde basis, moet vermy. (Luitel & Sobel, 2005:16). Volgens Luitel, Sobel en Uchitelle se studies aangaande amnesties soos bo uiteengesit is, kan die afleiding gemaak word dat die Vrywillige Blootleggingsprogram oneffektief gaan wees.

In hoofstuk 6.3.1 is Ierland se ervarings van belastingamnestieprogramme vergelyk met Suid-Afrika s'n en daar is voorspel dat die Vrywillige Blootleggingsprogram minder effektief gaan wees. Ierland se 1993-belastingamnestieprogram is in kontroversie gedompel omdat daar 'n menigte ongerymdhede was, soos in hoofstuk 3.2.2.6 bespreek is. Die aangeleentheid moet in ag geneem word wanneer dit as maatstaf gebruik word om 'n mening uit te spreek.

In hoofstuk 2.6 is die gevolgtrekking gemaak dat die Vrywillige Blootleggingsprogram effektief gaan wees omdat die vorige drie belastingamnestieprogramme suksesvol was. Die gevolgtrekking wat gemaak is, neem egter nie die feit in ag dat die Vrywillige Blootleggingsprogram anders geformuleer is as die vorige amnestieprogramme nie. Die Vrywillige Blootleggingsprogram is anders omdat belastingskuld steeds betaalbaar is en nie soos in die amnestieprogramme kwytgeskeld word nie. Die belasting word nie teen 'n verlaagde koers terug betaal nie, soos deur die vorige amnestie geleenthede voorsiening voor gemaak is nie.

Die ontleding in hoofstuk vyf het die punt 5.2.3 uitgewys dat die Vrywillige Blootleggingsprogram anders geformuleer is, deurdat belastingpligtiges steeds aanspreeklik is vir uitstaande belasting wat aan SAID verskuldig is. Die aangeleentheid gaan 'n uitwerking op die effektiwiteit van die amnestieprogram hê. Dit is een van die redes wat deur Honiball (2010:16) gebruik is om by die gevolgtrekking uit te kom dat die Vrywillige Blootleggingsprogram oneffektief gaan wees.

Die bevinding is dat die Vrywillige Blootleggingsprogram moontlik oneffektief gaan wees. Die rede vir die aanname is gegrond op die volgende:

- daar bestaan 'n verwantskap tussen Ierland en Suid-Afrika se benadering van belastingontduiking. Die negatiewe ervaring wat Ierland met hulle belasting-amnestieprogram van 1993 ervaar het toon dat die Vrywillige Blootleggingsprogram ook oneffektief was (hoofstuk. 6.3.1) Daar was egter ander faktore wat 'n rol gespeel

het in die sukses van die 1993 belastingamnestieprogram, maar dit het aansienlik minder aansoeke ontvang sowel as die inkomste wat deur die “Revenue Commissioner” ontvang was;

- Uchittelle (1989:49) het die vereistes neergelê vir ’n suksesvolle belastingamnestieprogram (hoofstuk. 6.4). Die Vrywillige Blootleggingsprogram het nie aan al die vereistes voldoen nie;
- die Vrywillige Blootleggingsprogram is anders geformuleer as die vorige drie amnestieprogramme in Suid-Afrika soos in hoofstuk 5.4 uiteengesit is.

Die studie het ook die negatiewe inpak uitgelig wat belastingamnestieprogramme op belastingnakoming het. Belastingamnestieprogramme stuur die verkeerde boodskap uit, naamlik dat dit aanvaarbaar is om belasting te ontduik. Hoofstuk vier het getoon dat belastingamnestieprogramme onregverdig is teenoor getroue belastingpligtiges. In hoofstuk 4.5 is getoon dat vertroue ’n belangrike rol speel in belastingnakoming. Die regering moet die vertroue van belastingpligtiges terugwin waarna die belastingnakoming outomaties sal verhoog. Belastingamnestieprogramme is nie die oplossing vir die probleem wat ontstaan in verband met belastingnakoming nie.

’n Aanbeveling vir verdere navorsing is die volgende:

- die gevolge wat belastingamnestieprogramme in die langtermyn op belastingnakoming mag hê;
- metodes vir die verhoging van belastingnakoming in Suid-Afrika; en
- die moontlikheid van ’n permanente amnestiebeginsel in Suid-Afrika.

## Bibliografie

Alm, J., McKee, M. & Beck, W. 1990. Amazing Grace, Tax Amnesties and Compliance, *National Tax Journal*. 43:23-37.

Alm, J. & Beck, W. 1993. Tax Amnesties and Compliance in the Long Run: A Time Series Analysis. *National Tax Journal*, 46:53-60.

Bernier, J. 2004. Voluntary Disclosure: More art than science.  
[www.bennettjones.com/Images/Guides/update2446.pdf](http://www.bennettjones.com/Images/Guides/update2446.pdf). Datum van gebruik: 30 Aug. 2010.

Biehl, S.M. 2001. Die haalbaarheid van private staatskepping in die era van globalisering. Johannesburg: UJ. (Verhandeling: M.A.) 45 p.

Brand, A. 2000. S.A. vorder met sy Belasting. *Beeld*: 16, 25 Feb

Braithwaite, V. & Braithwaite, J. 2004. AN EVOLVING COMPLIANCE MODEL FOR TAX ENFORCEMENT. <http://vab.anu.edu.au/pubs/1/anevolvingcompliance.pdf>. Datum van gebruik: 20 Nov. 2010.

Brent, P. 2010. GOOD BUSINESS OR CHEATING THE TAXMAN?. *Canadian lawyer magazine*, Jun 2010. <http://www.canadianlawyermag.com/Good-business-or-cheating-the-taxman.html>. Datum van gebruik: 10 Jul. 2010.

BYBEL. 1995. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Collins, L. 2004. Ahern's staff knew of NIB 11 years ago. <http://www.independent.ie/national-news/aherns-staff-knew-of-nib-11-years-ago-482756.html>. Datum van gebruik: 20 Nov. 2010.

Coyle, M., Doyle, E. & Galery, K. 2009. Procedural Justice Principles and Tax Compliance in Ireland: A Preliminary Exploration in the Context of Reminder Letters.  
[http://www.cipfa.org.uk/thejournal/download/jour\\_vol8\\_no1\\_d.pdf](http://www.cipfa.org.uk/thejournal/download/jour_vol8_no1_d.pdf). Datum van gebruik: 16 Aug. 2010. 14 p.

Croome, B. 2007. The Small Business Amnesty –expanding the tax base. Without Prejudice.  
[http://www.sabinet.co.za/web\\_robots/articles/jb\\_prej/jb\\_prej\\_v7\\_n6\\_a14.xml](http://www.sabinet.co.za/web_robots/articles/jb_prej/jb_prej_v7_n6_a14.xml). Datum van gebruik: 10 Jul. 2010.

Cummings, R.G., Martinex-Vazquez, J. Mckee, M. & Togler, B. 2005. Effects of Tax Morale on Tax Compliance: Experimental and Survey Evidence.

D'ascenzo, M. 2009. Statement of the Commissioner of the A.T.O. Michael D'Ascenzo, 2009 Media Release. Beskikbaar: [www.ato.gov.au](http://www.ato.gov.au). Datum van gebruik: 10 Jul. 2010.

Das-Gupta, A. & Mookherjee, D. 1995. Tax Amnesties in India: an Empirical Evaluation.  
[http://pdf.usaid.gov/pdf\\_docs/PNABX178.pdf](http://pdf.usaid.gov/pdf_docs/PNABX178.pdf). Datum van gebruik: 20 Nov. 2010. 27 p.

DIXON WILSON. 2009. The New Disclosure Opportunity ("NDO"). [www.dixonwilson.co.uk](http://www.dixonwilson.co.uk). Datum van gebruik: 30 Aug. 2010.

Du Preez, L. 2010. TAX MATTERS: An incentive to own up to ypur transgressions.  
<http://www.persfin.co.za/index.php?fSectionId=&fArticleId=5491388>. Datum van gebruik: 23 Nov. 2010.

Feld, P. & Frey, B.S. 2007. Tax Evasion, Tax Amnesties and the Psychological Tax Contract.  
<http://aysps.gsu.edu/isp/files/ispwp0729.pdf>. Datum van gebruik: 20 Nov. 2010.

Fjedstad, O. 2006. TAX EVASION AND FISCAL CORRUPTION. Essays on compliance and tax administrative practices in East and South Africa. 12 p.

Gordan, P. 2010. Statement of the Minister of Finance of South-Africa, Pravin Gordan, at the 2010 budget announcement in Parliament, 17 February 2010. [www.treasury.gov.za](http://www.treasury.gov.za). Datum van gebruik: 2 Jun. 2010.

Grant Thornton. 2009. Tax Manifesto. [www.grant-thornton.co.uk](http://www.grant-thornton.co.uk). Datum van gebruik: 16 Aug. 2010. 15 p.

Honiball, M. 2010. Tax Information Exchange Agreements, Voluntary Disclosure Programme and Tax Planning. [www.webberwentzel.com](http://www.webberwentzel.com). Datum van gebruik: 23 Nov. 2010.

Jones, S. 2007. Moneywebtax Was the Small Business Tax Amnesty a success? [http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page268?oid=647&sn=D  
etail](http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page268?oid=647&sn=Detail). Datum van gebruik: 03 Aug 2010.

Karro, H.Z. 2003. Exchange Control Tax Amnesty. Nuusgroep:  
[http://www.saica.co.za/integritax/1084\\_Tax\\_amnesty.htm](http://www.saica.co.za/integritax/1084_Tax_amnesty.htm) Exchange Control. Datum van gebruik: 06 Aug. 2010.

Katz, M. 2000. Katz Commission Report into Taxation: Third Interim Report of the Commission of Inquiry into Certain Aspects of the Tax Structure of South Africa.  
<http://www.finance.gov.za/publications/other/katz/default.aspx>. Datum van gebruik: 03 Aug. 2010.

Kiev, F.P. 2003. What kind of amnesty does the Ukraine need? Institute for economic research and policy consulting in the Ukraine. <http://www.ier.kiev.ua>. Datum van gebruik: 21 Aug. 2010.



Kolitz, M. & Killian, S. 2004. The SARS approach to Income Tax Evasion: a theoretical perspective. [web.wits.ac.za/NR/rdonlyres/C8098C3A-DB83-424D-B1CA.../ta11.doc](http://web.wits.ac.za/NR/rdonlyres/C8098C3A-DB83-424D-B1CA.../ta11.doc). Datum van gebruik: 03 Aug. 2010.

KPMG. 2007. Offshore Disclosure Facility (ODF). [www.kpmg.co.uk](http://www.kpmg.co.uk). Datum van gebruik: 16 Aug. 2010.

LE Maistre, S. 2009. Australian Taxation Office. [www.oecd.org/dataoecd/8/25/42379881.pdf](http://www.oecd.org/dataoecd/8/25/42379881.pdf). Datum van gebruik: 30 Aug 2010.

Leonard, H. B. & Zeckhauser, R.J. 1986. Amnesty, Enforcement and Tax Policy, NBER Working Paper Series, No. 2096. National Bureau of Economic Research, Cambridge.

Luitel, H.S. 2005. Essays on Value Added Tax Evasion and Tax Amnesty Programs. College of Business and Economics at West Virginia University. (Verhandeling-D.Phil in Ekonomie) [http://wvusolar.wvu.edu:8881/exlibris/dtl/d3\\_1/apache\\_media/20732.pdf](http://wvusolar.wvu.edu:8881/exlibris/dtl/d3_1/apache_media/20732.pdf). Datum van gebruik: 15 Aug. 2010. 171 p.

Luitel, H.S. & Sobel, R.S. 2005. The Revenue Impact of Repeated Tax Amnesties. <http://www.stcloudstate.edu/economics/documents/TaxAmnesty.pdf>. Datum van gebruik: 20 Nov. 2010. p.36.

Manuel, T.A. 2005. Statement of the Minister of Finance of South-Africa, at the 2005 budget announcement, in Parliament. 23 February 2005. Beskikbaar: [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za) Datum van gebruik: 10 Jul. 2010.

Manuel, T.A. 2006. Introductory speech by minister of finance: small business tax amnesty and amendment of taxation laws bill. <http://www.info.gov.za/speeches>. Datum van gebruik: 06 Aug. 2010.

Manuel, T.A. 2006a. Statement of the Minister of Finance of South-Africa, at the 2006 budget announcement, in Parliament. 15 February 2006. Beskikbaar: [www.treasury.gov.za](http://www.treasury.gov.za) Datum van gebruik: 10 Jul. 2010.

Mboweni, T.T. 2006. Speech at the Namibian Stock Exchange. [www.reservebank.co.za/internet/Publication.nsf/LADV/E3D8A47137D0A45F422571FF004E33BC/\\$File/Speech+-+Namibian+stock+exchange.pdf](http://www.reservebank.co.za/internet/Publication.nsf/LADV/E3D8A47137D0A45F422571FF004E33BC/$File/Speech+-+Namibian+stock+exchange.pdf). Datum van gebruik: 23 Nov. 2010.

Mello-e-souza, C.A. 2006. Repeated Tax Amnesties With Self-Selected Parameters. <http://www.playacct.com/research/governance/RepeatedAmnesties.pdf>. Datum van gebruik: 10 Jul. 2010.

Mittner, M. 2006. Begroting 2006. Valuta-amnestie afgehandel. Beeld: Sake-Beeld Bylae. Beskikbaar: [152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2006/02/16/SB/12/01.html](http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2006/02/16/SB/12/01.html). Datum van gebruik: 03 Aug. 2010.

Nyamongo, M.E. & Schoeman, N.J. 2007. Tax Reform and the Progressivity of Personal Income Tax in South-Africa. <http://www.up.ac.za/dspace/browse-date?bottom=2263%2F4236>. Datum van gebruik: 03 Aug. 2010.

O.E.C.D Organization for Economic Cooperation and Development (OECD). 2010. Current Tax Agenda June 2010. [www.oecd.org/tax](http://www.oecd.org/tax). Datum van gebruik: 15 Aug. 2010.

PRICE WATERHOUSE COOPERS. 2007. Guide to Small Business Tax Amnesty. <http://www.pwc.com/za/en/publications/index.jhtml>. Datum van gebruik: 03 Aug. 2010.

Quinn, E. A. Vision for Ireland: A Question Of Tax? <http://www.cfj.ie/content/view/10/3/>. Datum van gebruik: 3 Jun. 2010.

REVENUE COMMISSIONERS. 2010. Revenue Over the Years 1986 – 1994.  
<http://www.revenue.ie/en/about/history/1986-1994.html>. Datum van gebruik: 20 Nov. 2010.

Stiglingh, M., Koekemoer, A., Van Schalkwyk, L., Wilcoks, J.S., De Swardt, K. & Jordaan, K. 2009. SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting. Durban: LexisNexis. 1077

SUID-AFRIKA. 1961. Wet op Deviesebeheerregulasies van 1961. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1962. Inkomstebelasting wet 58 van 1962. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1995. Wet op Belastingamnestie Wet 19 van 1995. us-  
cdn.creamermedia.co.za/assets/articles/.../02654\_taxamnestyact19.pdf. Datum van gebruik:  
03 Aug. 2010

SUID-AFRIKA. 2003. Amnesty Unit: Guide to the Exchange Control Amnesty and  
Accompanying Tax Relief Measures. [www.amnestyunit.gov.za](http://www.amnestyunit.gov.za). Datum van gebruik: 03 Aug.  
2010.

SUID-AFRIKA. 2003a. Explanatory Memorandum on the Exchange Control Amnesty and  
Amendment of Taxation Laws Bill. [www.sars.gov.za/home.asp?pid=2631](http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=2631). Datum van gebruik:  
03 Aug. 2010.

SUID-AFRIKA. 2003b. Wet op Deviesebeheeramnestie en wysiging van belastingwette.  
[http://www.acts.co.za/eca\\_act/index.htm](http://www.acts.co.za/eca_act/index.htm). Datum van gebruik: 03 Aug. 2010.

SUID-AFRIKA. 2006. Suid-Afrikaanse Inkomstediens: Kleinbesigheidsbelastingamnestie-  
aansoekvorm SBA 001. [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za). Datum van gebruik: 07 Aug. 2010.

SUID-AFRIKA. 2006a.No. 10 of 2006: Second Small Business Tax Amnesty and Amendment of Taxation Laws Act. [www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=67836](http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=67836) Datum van gebruik: 07 Aug. 2010.

SUID-AFRIKA. 2006b. Explanatory Memorandum on the Second Small Business Tax Amnesty and Amendment of Taxation Laws Act.  
<http://www.treasury.gov.za/legislation/bills/2006/EM%20%20Bill%2014%20of%202006.pdf>.  
Datum van gebruik: 07 Aug. 2010.

SUID-AFRIKA. 2006c.No. 9 of 2006 Second Small Business Tax Amnesty and Amendment of Taxation Laws Act. [www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=67860](http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=67860) Datum van gebruik: 07 Aug. 2010.

SUID-AFRIKA. 2008a. Suid-Afrikaanse Inkomstediens: Annual Report. [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).  
Datum van gebruik: 23 Nov. 2010.

SUID-AFRIKA. 2008b. Suid-Afrikaanse Inkomstediens en Suid-Afrikaanse Departement van Finansies, 2008, Tax Statistics. [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za). Datum van gebruik: 03 Nov. 2010.

SUID-AFRIKA. 2009. Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Draft explanatory memorandum on the draft tax administration bill. [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za). Datum van gebruik: 23 Nov. 2010.

SUID-AFRIKA. 2009a. Suid-Afrikaanse Inkomstediens en Suid-Afrikaanse Departement van Finansies. 2009 Tax Statistics. Beskikbaar: [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za). Datum van gebruik: 03 Nov. 2010.

SUID-AFRIKA. 2009b. SARS: Media Releases 2009.  
<http://www.sars.gov.za/home.asp?PID=4232&ToolID=2&ItemID=41943>. Datum van gebruik: 9 Okt. 2010.

SUID-AFRIKA. 2010a. Voluntary disclosure programme and taxation laws second amendment act. <http://www.sars.gov.za/Tools/Documents/DocumentDownload.asp?FileID=63797>. Datum van gebruik: 21 Okt. 2010.

SUID-AFRIKA. 2010b. Suid-Afrikaanse Inkomstediens en Suid-Afrikaanse Reserwebank. Guide to the Tax and Exchange Control: Voluntary Disclosure 2010. [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za). Datum van gebruik: 20. Nov. 2010.

THE FORUM SA. 2006. Justification for amnesty.  
[http://www.theforumsa.co.za/index.php?page=tax-amnesty-2006#Justification\\_for\\_amnesty](http://www.theforumsa.co.za/index.php?page=tax-amnesty-2006#Justification_for_amnesty).  
Datum van gebruik: 23 Nov. 2010.

Uchitelle, E. 1989. The Effectiveness of Tax Amnesty Programs in Selected Countries  
F.R.B.N.Y. Quarterly Review/Autumn 1989 Report.  
[www.newyorkfed.org/research/quarterly\\_review/.../v14n3article5.pdf](http://www.newyorkfed.org/research/quarterly_review/.../v14n3article5.pdf). Datum van gebruik: 30  
Aug. 2010.

WETTE *kyk* SUID-AFRIKA